

DAGBOEK
VAN 'N
BETHULIE-KAMPDOGTER

„Nu wil ik hier schrijven die ik nooit
moet vergeten zoo lang ik leef”
— Rensche van der Walt.

•

Saamgestel en verwerk
deur
KEZIA HAMMAN



Rensche van der Walt

TER HERINNERING AAN HAAR, HAAR MOEDER, BROERS
EN SUSTERS.

MAG ONS HUL NAGEDAGTENIS IN ERE HOU.

*Kopiereg K. Hamman.
Gedruk deur N.G. Sendingpers, Bloemfontien.*

INHOUD

Voorwoord	vii
Inleiding	ix
Die dagboek verwerk in Afrikaans	1
Die oorspronklike dagboek.....	57

VOORWOORD

Nadat die Tweede Vryheidsoorlog meer as sestig jaar afgeloop is en baie oor die verloop daarvan geskrywe is, asook oor die smarte wat in die konsentrasiekampe deur oumense, moeders en kinders verduur is, is die dagboek van Rensche van der Walt ontdek. Sy was vroeër van die plaas Uitkyk, Reddersburg, en die dagboek het sy self geskrywe vanaf haar gevangeneeming in Maart 1901 totdat sy weer op Oujaarsdag 1902 na haar tuisdorp, Reddersburg, teruggekeer het. Die dagboek is deur die jare ongeskonde bewaar en het onlangs in die besit van mev. Kezia Hamman, gebore Van der Walt en 'n susterskind van Rensche, gekom. Sy het besluit om die dagboek in die vorm van 'n „Gedenkboek” te laat verskyn. Dit word aan die nageslagte van daardie lydende moeders en kinders beskikbaar gestel.

Aangesien die dagboek vir die grootste gedeelte oor Rensche se smartlike ondervindinge in die Bethulie-Konsentrasiekamp handel, sal hulle wat hierdie smarte oorleef het en nog in ons midde is, dit woord vir woord kan bevestig. Boonop word hierdie werk verhoog omdat die oorspronklike dagboek ook opgeneem word naas die verwerking daarvan in Afrikaans deur mev. Hamman self.

Die Bethulie-Konsentrasiekamp sou van al die kampe van die oorlog die hoogste offer moes bring. Nie minder as 1,714 oumense, moeders en kinders het in die Kampkerkhof hulle laaste rusplek gevind nie. Vanweë die bou van die Hendrik Verwoerddam het dit vanjaar noodsaaklik geword, nadat die Kampkerkhof etlike jare gelede op 'n treffende wyse herstel is, om afgestorwenes in 'n massagraf op 'n terrein verder van die Oranjerivier af opnuut te begrawe. Waar die verlede by die onthulling van die nuwe begraafplaas in die hede teruggeroep sal word, het mev. Hamman die loflike aanbod gemaak om in dankbare herinnering en nagedagtenis, as een van die kinders van daardie stoere lydende moeders wat die smarte van die kamp deur- en oorleef het, alle fondse wat uit die verkoop van hierdie boek ingesamel word, aan die BethulieKampkerkhofkomitee te skenk vir die instandhouding en verfraaiing van die begraafplaas.

Die nuwe begrafplaas en gedenktuin word opgerig deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte as 'n „Gedenk-kerkhof” in tere nagedagtenis van hulle wat hulle lewens opgeoffer het op die vryheidsaltaar en nou in vrede rus in die moederskoot van hulle land, Suid-Afrika wat hulle so liefgehad het en waarvoor hulle so gely en gesterf het.

Met dankbaarheid word mev. Kezia Hamman se aanbod deur die Bethulie-Kampkerkhofkomitee in samewerking met die Raad vir Suid-Afrikaanse Oorlogsgrafte aanvaar. Dit is die innige wens dat hierdie erflating van die volksdogter, Rensche van der Walt, 'n ware „Gedenkboek” moet wees en op geen Afrikaner se boekrak gemis sal word nie.

Namens die Bethulie-Kampkerkhofkomitee:

(get.) W. A. van Wyk, *Voorsitter.*
(get.) P. J. Fourie, *Sekr.-Tesourier.*

BETHULIE,
24 Julie 1965.

INLEIDING

RENSCHE VAN DER WALT is op 29 Junie 1878 op die dorpie Reddersburg in die Oranje-Vrystaat gebore. Sy was die vyfde kind van Rensche (gebore Venter) en Michiel Andries van der Walt. Na haar het die egpaar nog twee seuns en twee dogters gehad.

Die kinders het almal hul skoolopleiding as leerlinge van die Gereformeerde Kerkskool te Reddersburg geniet. Nadat die skool deur die regering in 1872 oorgeneem is, het hulle die nuwe goewernement-skool besoek, totdat die skool met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog gesluit is.

Hulle vader het hulle op die leeftyd van 49 jaar verloor en die weduwee, Rensche van der Walt, het die gesin na sy dood versorg.

Met die uitbreek van die Tweede-Vryheidsoorlog was hulle op die plaas Uitkyk in die distrik Reddersburg, woonagtig. Die seuns het almal by die Boerekommando's aangesluit, selfs die jongste, Floris wat maar net 13 jaar oud was. Wat die gesin gedurende die oorlog deurleef het word baie mooi in die dagboek weergegee. Daar is nie een van hulle oorlede nie en na die oorlog het almal weer na hul tuisdorp, Reddersburg teruggekeer. Die tweede jongste seun, Petrus, wou hom nie aan die Engelse gesag onderwerp nie, en hy het in 1924 by die Boere wat met hul gesinne na Argentinië verhuis het, aangesluit.

Hy met sy gesin woon nog daar.

Rensche, of soos ons haar genoem het, Tant Rennie, was nooit getroud nie. Sy het my moeder, haar suster Hester (getroud met Frans Pretorius) wat 'n groot huisgesin moes versorg, dikwels bygestaan. Veral tydens die ernstige siektes van die twee klein kindertjies wat my ouers deur die dood verloor het, was haar hulp onontbeerlik. Sy was hartstogtelik lief vir kinders en was vir my ouer broers en susters as't ware 'n tweede moeder. Ek onthou ook nog my eerste Sondagrokkie van die sagste blou sy wat Tant Rennie vir my gemaak het.

Sy het ook 'n tydlank as bibliotekaresse van die Gereformeerde Kerk in Reddersburg opgetree. Daarna het sy die versorging en verpleging van my grootmoeder op haar geneem. My grootmoeder is in 1942 in die hoë ouderdom van 96 jaar oorlede en met haar heengaan het die Gereformeerde Kerk nog een van sy stigterslede verloor. Ek kan nog onthou hoe haar heengaan deur haar dogters betreur is. 'n Paar jaar daarna het ons ook vir Tant Rennie na haar laaste rusplek gedra. Sy het in die namiddag van 2 November 1948 stil heengegaan. My moeder het haar in 1953 gevolg en die jongste suster, Mieta is in 1955 oorlede.

Die dagboek wat so noukeurig deur Tant Rennie opgestel was, was in haar besit tot met haar dood. Daarna het my moeder dit ontvang en het dit in die besit van ons gesin gekom. Na die verwerking daarvan is dit aan die Oorlogsmuseum in Bloemfontein geskenk.

Met die verwerking van die dagboek het die een vraag waarop ek sedert my kinderjare 'n antwoord gesoek het, weer by my opgeklim, naamlik: Waarom die Van der Walt-gesin dan deur al die droefheid en smarte van die oorlog kon gaan sonder dat een van hulle oorlede is ?

Daar het tog soveel sterfgevallen plaasgevind in die verskriklike kamp te Bethulie: „Hier zyn¹⁾ huisgesinne uitgestorwe dat daar mischien een oorblyf.” (p. 47). En daarna ook in die kamp te Kabusie.

Watter uitstaande karaktertrekke vind mens in hierdie gesin en in almal wat saam met hulle gely en gestry het tot aan die bittere einde?

As kinders van ouers wie albei as jongmense die Tweede Vryheidsoorlog deurleef het, het ons baie staaltjies van die Boere se wedervaring gehoor, maar my Moeder het aan ons net altyd die grappige gebeurtenisse vertel. Sy het selde oor die droewige sy van die kamp-lewe gepraat en ons het mettertyd tot die gevolgtrekking gekom dat sy dit liever wou vergeet en dit nie weer wil deurleef deur daarvan te praat nie. Ek kan onthou dat ons haar dikwels gevra het waaraan sy dit sou toeskryf dat nie een van hulle gesin in die Kamp te Bethulie oorlede is nie; daar was tog soveel sterfgevallen, maar sy het net geantwoord: „Engelsman was nie in staat om 'n Van der Walt dood te kry nie.”

Met die sorgvuldige deurlees van die dagboek van my tante is hierdie geheim vir my opgeklare. Verder het ek ook uitgevind waarom so baie van hulle die lyding en droefheid dag na dag kon dra en aanskou.

Ek het derhalwe tot die gevolgtrekking gekom dat die dagboek nie net 'n boekstaving van agtereenvolgende gebeurtenisse is nie. Dit bevat belangrike gegewens wat hierdie besondere gesin aanbetref, en dien hierdie gesin boonop as 'n voorbeeld van almal wie tot die einde aan hul land getrou gebly het. Die karaktertrekke van hierdie stoere Afrikaners word in die dagboek duidelik uitgebeeld:

(i) Hul kla nie al kry hulle ook hoe swaar, want hulle het 'n onwrikbare vertroue in hul God.

1) Waar in hierdie inleiding na 'n bladsy verwys word, is dit die bladsy van die oorspronklike dagboek wat hierin opgeneem is

„God zal zelf hun leidman weezen, leeren hoe zy wandelen moet” (p. 9).

„Maar ons hard zyn alleen op God gevestig.” (p. 11).

„Maar ons klagen niet wat de Heere Jezus heef dertig jaar op de aarde een vreemdeling gewees en heef gezeg: Die een deceipel van my wil wees zoo neem my kruis op en volg my. Zoo moog ik niet kermen als ik myn kruis moet opneem.” (p. 16).

„Maar ons beveel dit maar in de hant van ons lieve Heere die dit behaag heef.” (p. 27).

„Maar toch moet ons ons troos want als het niet de wil van de lieve Heere gewees heef dan zal dit anders gekomen heef.” (p. 35).

„Maar dit alles berust in dus Heeren wel behagen.” (p. 38).

„Maar de Lieve Heere geef ons krag dit te draag.” (p. 42).

„Vele dierbare bekende lig daar toch willen wy niet klaagen en dus Heeren wel behaagen” (p. 50).

„Maar hoe zwaar het ook op ons mog val op dees bedroefde aardsche dal dan wenden ik my maar tot God en dink maar zoo het is my lot” (p. 51).

„De Heer wou my wel hard kastyden maar storten my niet in de dood, verzachte vaderlyk myn lyden en redde my uit alle noot” (p. 53).

„Maar wy blyf wachten op onze Heer, hy schink ons redding weer” (p. 58).

„Wat de Lieve Heere aan ons daan is wel gedaan. Want de Heer is groot een heerlyk God een Koning die het zaligst lot” (p. 61).

„Maar zy allen zun geduldig onder de kastydende hand dus Heeren want de Heere kastyd de gene die hy lief heef.” (p. 65).

„Maar de Heere neem al zyn uitverkoorenne uit deze smart” (p. 66).

„Maar daar over zullen wy niet gaan treeren want tot stof moet ons eenmaal wederkeer en is ook niet voor eewig om te dinken dat dit en het graf zal blyven” (p. 67).

„Maar dit zyn lieflyk te aanschouwen hoe geduldig zy onder de hand dus Heeren zyn.” (p. 67).

„Doch hoe bitter dit verlies voor haar in haar zuster is kusten zy nog de kastydende hand dus Heeren” (p. 68).

„Maar toch geef de Lieve Heere krach om het te dragen” (p. 77).

„Zoo zien ik dat de leeven ver kort wort door zwaar maar wy klaagen niet, want dit doen de wil dus Heeren. De Heer heef gegeven, de Heere heef genomen, de naam dus Heere zy geloof.” (p. 78).

„Maar na al ons Droefheid gevoel ons ons geheel getroos en kan niet treenen als de gene die geen hope hebben” (p. 80).

„Nu moet ik net erken dat de Dierbaar woort dus Heeren volbring wort” (p. 99)

„Maar wy kan niet daar tegen mirmereeren of klagen want dit is de wil Dus Heeren want dit zyn toch niet voor ewig.” (p. 102).

„Dit was voor my of de Heer nu ons wil verlossen en dit was ook zoo”(p. 118).

„Lof zy Gods goedertierenheid” (p. 25).

(ii) Terwille van hul vryheid is hul bereid om te ly, en hul ontsien geen moeite of werk nie solank as hul net hul vryheid kan behou:

„Waarvoor dat ik lyden geev ik niet om want wu houden de vryheid en staan haar niet af.” (p. 58).

„Dankie ver al jou gemak, Oom Geel Pakie, laat my maar huis-toe gaan en gaan jele maar naar jele land in gaan zit daar en kom tog nooit weder in ons land dan leef ik gelukkig en rustig dat ik kan zeggen nu het ons de eer hier is geen engelsman meer die ons rus kan verstoren. Die Afrikaners hant aan hant hier in hele eigen land, dit is al wat ik wil hoor.” (pp. 70-71).

„In campen en door rampen moet ons gaan om voor ons land te staan en als verloorene treeren” (p. 71).

„Maar ik geef niets meer om. Ik is nu als een pak os, ik geef niets om om te ly voor my vryheid en voor my rech.” (p. 79).

„Dit is ons ook nog op de 8 Junie maar ik getuig nog dat ik niet dit kan geloof. Want nu heef ik gedink dat ons toch geoffer heef goet en bloet, voor ons vryheid en voor ons reg.” (p. 126).

Daarom word die Suidafrikaners wie die eed van getrouheid aan die Britse Kroon afgelê het gedurende die oorlog, asook die meisies wie met die Khakies omgaan, so deur hulle verag:

„De meeste wat daar by was was maar net hands op mans en over die voel ik toen niet treerig want det zyn hun eigen belang. “ (p. 19).

„Dit was net een gestry. Ik moes net hart slaan om voor my Dierbare Afrukaners Broeder te stry. Naar om te hoor wat van de geene gezeg wort die nog voor ons vryheid vech. “ (p. 81).

„O, het is onvergeetlyk hoe dit met ons al in de Camp gegaan heef en de zwaarste is net voor my om te aanschouw hoedat pety van ons Afrikaner meisies met de vuil Troepen omgang. “ (p. 91)

„en dan nog Klas ver Klas jingskoes die ons zoo vertooring, Ingils ze Boereen ou Khakies noijens die ons zoo tot een spyker in ons oog loop. Dit was my beeter sulkes nooit gebooren was. “ (pp. 53-54).

„Nu is Jan Nell een groot spyker in ons ooggen” (p. 54).

Dit is interessant om te lees dat daar van die Engelse bevelvoerders was wat dieselfde mening omtrent hierdie jingoos toegedaan was:

„Zoo zeg hy toen aan de Copperaal dat hy dit moet zeggen aan de gene dat hy veel gesteert voel tegen hun. Hy weet niet of zy hem daarmee wil ge-eerd heef maar hy wil hem zeggen dat hy niets van een boere meisje dink wat een engels liet zing. Want Boer is Boer en engelsman is engelsman.” (p. 123).

(iii) Hulle het mekaar met woord en daad bygestaan:

„Ons bak toen de geheele week der voor die menschen die niet oonden heef dan geef hele een brood voor ons.” (p. 33).

„Als wy in de tent kwaam dan weeten wy niet wie moet jy help want acht zy daar in die hulp nodig heef die ziek leg aan mazels en drie zy daar die moet altoos by zyn. Ook veel anderen die by staan.” (p. 43).

„Om ons tent zyn kranken en ook zelf ons tent zyn niet hersteld. Maar toch zoo dat ons toch nog de andere kan bystaan die geheel hulpeloos zyn. Wat de moeders met al de kinderen aan de mazels leg.” (p. 48).

„Hoe butter ons die ziekte moes deer zukkel menig nach zonder lich en zonder mederzyne.” (p. 49).

„Dien nach wort daar een kennesgeven aan de procelmazie plank geplak dat allen zal beschouw wort als jingkoes die daar heen gaan, wan een onbekende dien niet gevent word in de Camp. Zoo zyn de Commedant Dear toen teleer gesteld my zyn plezier wat hy wil gehouden heef. Want ons was zeer vertrouwbaar voor elkanden.” (p. 63).

„Met een woort wort gezeg: Ons weet en geheel niet wie de man was maar al weet ik en ook ons, dan zal ons dit niet uit bring al is dit ver 20 pont.” (p. 63).

„Altoos wanneer daar zoo iets en de Camp plaast vent dan staan de laaste menschen voor hele tenten en raas en dit wens wenschen op die polietzen en voor namelyk op ou Klaazen dat dit zoo dreem.” (p. 95).

As die leser die voorgaande in gedagte hou wanneer die dagboek ge lees word, sal dit blyk dat dit belangriker inligting bevat as net die daaglikse gebeure wat met soveel droefheid gepaard gegaan het.

KEZIA HAMMAN.

„Travalia”

Three Sisters.

21 Junie 1965.

UIT DIE DAGBOEK
VAN
RENSCHE VAN DER WALT

DIE VERHAAL VAN ONS LEWE IN DIE KAMPE
TE BETHULIE EN KUBUSIE

15 Maart 1901 — 31 Desember 1902

SAAMGESTEL EN IN AFRIKAANS VERWERK
DEUR
KEZIA HAMMAN

NOU WIL EK HIER neerskryf wat ek nooit wil vergeet solank as wat ek leef nie.

Dit was die 15de Maart 1901 'n heerlike oggend.

'n Engelse leër verskyn op ons plaas Uitkyk: hulle kom om ons besittings waaraan en waarvoor ons so lank gewerk het, van ons weg te neem.

Dit skyn alles vir ons so onverklaarbaar en vir ons skape, beeste en perde was dit seker net so eienaardig.

Ons kosbare koring word van die solder afgedra deur die Engelse en dit word agter die huis uitgegooi.

Die arme vrouens staan verslae en kyk hoe hul arbeid vermors word. Die koring het hulle self afgesny in die warm dae, en nou word dit voor ons in die mis vertrap. Daar word net sewe sakke vir ons agtergelaat.

Wat hoor ons van die vrouens? Niks, net hoe hulle een sug na die ander slaag.

O, nog erger, daar word die skape op 'n hoop geja deur die Engelse se kaffers. Die stof draai soos die vee aangeja word. Die beeste aan die voet van die berg, die perde by die rant, dit word alles nou aangebring deur die Engelse.

Ons stel ons maar tevrede, want wat kan ons tog doen?

Ook ons plaasvolk kry ek net so jammer, want hul vee moet hul geduldig prysgee. Hul het soveel jaar daarvoor gewerk en nou word dit nie alleen geneem nie, maar ook van hulle kinders word van hul weggevat.

Daar vertrek die Engelse nou met al ons vee. Die strooptog het van die oggend om agtuur tot die dag om twaalf-uur geduur. Nou is hul weg, die geraas is verby. Alles is stil maar dit is of ons nog gedurig die beeste hoor bulk en die skape hoor blêr.

Ons het nou ook nie meer werk om te doen nie en die plaas skyn te groot vir ons te wees. Die krale is ook leeg.

Ons begin nou onder mekaar te bespreek hoe ons tog die swart koffie sal drink, veral vroeg in die môre? Ons wat aan emmers melk gewoond was!

Maar wat merk ons tog daar in die veld ? Daar kom sewe beeste aangeloo. Ons eerste gedagte is: sal daar wel koeie by wees? Ons verwagting word oortref!

Spoedig word een van die plaasvolk gestuur om die beeste te gaan haal, en ons vind dat daar een koeie by is.

Om vier-uur merk ons dat nog een van ons melkkoeie terugkeer asook drie van die plaasvolk. Aai, nou het ons darem weer melk vir ons koffie. Die dag het ons niks besit nie, maar teen die aand het ons darem al weer 'n paar beeste.

Op die 16de Maart begin van die perde ook terugkom. Terwyl hul die werf binne draf, runnik hul aaneen asof hul wil sê: „Die Engelse het ons nie goed behandel nie.” Daar kom binne 'n paar dae reeds 23 perde terug plaastoe en ons boer ook intussen met 12 skape waarvan ons 'n paar moes slag sodat daar nou slegs agt oor was.

Maar ons voel steeds vry van sorge, want ons werp al ons bekommernis op die Here. Hy sal voorsien!

Op die 23ste Maart in die aand, sien ons 'n perderuiter aankom. Dit is reeds so donker dat ons hom nie kan herken nie, totdat hy voor die huis afklim. Ons merk dat dit 'n bekende Boer is en wat meer is, hy bring vir ons goeie nuus. Hy deel ons mee dat die Boere weer baie skape teruggeneem het en dat hy self daar teenwoordig was. Hy bring die nag by ons deur.

Die volgende oggend ontvang ons nog die verdere berig dat die skape weer na al die plase waar die Engelse dit afgeneem het, terugbring sou word, sodat elkeen sy skape kon uitvang.

Dit duur ook nie lank nie of die skape is terug op die plaas. Dit was reeds die vyfde plaas waar die skape heen gebring word, en ons kan ons syne nou ook uitvang.

Daar is ses groot krale op die plaas en almal is reeds stampvol. 'n Groot trop moes nog voor die kraalhekke slaap. Met die aanskouing van die geweldige trop skape het ek verwag dat ons al ons syne weer terug sou kry, maar toe ons die volgende oggend die skape begin uitvang vind ons dat daar van ons 926 skape slegs 221 by was. Dit is saam met die 12 wat die Engelse vir ons agtergelaat het. Ons voel nou meer tevrede, want ons het darem 221 skape en van 36 beeste het reeds 20 teruggekeer en van die 59 perde wat hul weggeëem het, het ook weer 23 teruggekom.

Ons stel ons hiermee tevrede maar die Here het nog 'n ander doel met ons waarvan ons nog nie geweet het nie. Ons bedink so ons weg, maar die Here bestier ons gang.

O, wat gebeur nou op die 16de April 1901? Hierdie dag sou vir ons nog baie meer swaar en droefheid inhou as 15 Maart.

Ons hoor dikwels dat die Engelse al die vrouens wil gevange neem maar ons het tot nou toe vrygespring. Eindelik breek ons beurt ook aan en wel op die 15de April.

Ons sit nog so gerus in ons huis die middag, toe ons skielik perderuiters by die voet van die berg sien om kom. Ons merk dadelik dat dit Khakies is, want hul is geel aangetrek en kyk hoe vër uitmekaar ry hulle. Nou begin ons ook maar ons goed inpak.

Die eerste gedagte wat by my opkom is hoe gaan ek tog my dierbare broers agterlaat en sal ons mekaar ooit weer sien? Maar ek troos my in die hoop dat die Khakies ons weer sal laat agterbly.

Dit duur ook nie lank nie of die Khakies jaag oor die aarde by die huis verby. Dit dreun soos hulle jaag en hul spioene gaan reguit berg toe. Ons staan alles nog so en aanskou met beangste harte, toe daar skielik geweerskote uit die berg op die Engelse spioene gevuur word. Die voorste twee jaag terug, maar spoedig is die kanon reggestel en dit weergalm in die berge soos dit gebombardeer word. O, hoe smartlik was dit nie vir ons nie! Ons wis nie wie van ons dierbares word vandag daar in die berg doodgeskiet of gewond nie.

Ons kon alles maar net so staan en aanskou. Die Engelse draai eindelijk om en ons verwag dat hulle nou ons huis aan die brand sou kom steek. Maar deur die goedheid van die Liewe Here was dit tog anders beskik.

Die skietery word gestaak en die offisier kom nader en vra aan my suster waarom sy hulle nie van die boere se teenwoordigheid in die berg verwittig het nie, waarop sy antwoord: „Ek is mos nie by hulle sodat ek daarvan bewus kon wees nie.” Hy stel dieselfde vraag aan my niggie, maar van haar kry hy dieselfde antwoord.

Die waens en karre begin nou huis-toe kom en dit woel en werskaf net waar mens kyk. Die waens hou voor die huis stil en ons merk dat daar al veel bekende buurvrouens by is. Ons besef dat daar nou niks anders te doen is as om maar die bondeltjies reg te maak nie. Dieselfde aand word daar van alle kante met die waens nog vrouens aangebring. O, hoe onverklaarbaar skyn dit tog nie! Net waar ek kyk, woel en werk dit, en, o, hoe voel my hart toe ek moes uitroep: „Wou vlug maar kom nêrens heen!”

Daardie nag gaan ek by my niggie slaap, sowat vyftien minute se stap van ons huis af. Daar vind ek alles doodstil. O, hoe kom die bittere gedagte van die afskeid wat ons moes neem weer by my op. Dit was ondraaglik, maar ek troos my maar weer met Ps. 25:6, met hierdie woorde: „God sal self hul leidsman wees en hul leer hoe hul moet wandel.”

Na ete speel ek weer 'n paar psalms en ook *Die Vierkleur*.

Ons sit nog 'n rukkie en gesels asof dit die laaste aand sou wees wat ons so in stille eensaamheid in die huis waarin ons so lank gebly het, sou deurbring.

Ek kan die nag nie slaap nie, want daar is soveel droefheid in my gedagtes. Die droewigste was ons dierbares wat moes agterbly. Dit kwel my tog so.

Die volgende oggend begin ons inpak en reg maak vir die reis. Maar ons moes eers ons name gaan opgee. Dit was regtig 'n gesukkel. Ons wou dit nie doen nie en die offisier moes eers die doel daarvan mooi verduidelik. Hy deel ons mee dat hy dit alleenlik

opskryf sodat hy kan weet hoeveel kos verskaf moet word. Hierop het ons ons name aan hom verstrekk en hy het dit opgeskryf.

Ons dra daarna die goed wat moet saamgaan bymekaar, maar teen hierdie tyd kan ons nie meer dink nie. Al die kosbaarste goedere moet bly en net die kleinigheidjies kon saamgeneem word en boonop vergeet ons ook al die nodigste goed as gevolg van al die droefheid.

Ons het ook altyd vier of vyf dae voordat ons op 'n tog wou gaan begin klaarmaak vir die reis, en nou het ons net 'n half dag tot ons beskikking. Verder, as ons ons gereed maak vir 'n reis het ons tog immers geweet waarheen ons gaan, maar nou moet ons al op die waens klim en nog weet ons nie waarheen ons gaan nie.

Ons vertrou is alleen op God gevestig.

Gewoonlik wanneer ons vier of vyf dae van die huis af weggaan, dan moet daar 'n betroubare persoon agterbly om die huis op te pas. Maar nou vertrek ons van die huis af om miskien nooit weer terug te kom nie. So moet ons op die kaal bokwa klim, iets waarop ons nog nooit gery het nie, en vreemdes moet ons oor die weg help.

Die wa waarop ons goed gelaai was, moes eers na 'n ander plaas gaan om nog mense te gaan haal. Ons dink dat dit die einde van ons kos en klere is. Ons moes nou weer na 'n ander plaas loop om daar te gaan opklim.

Die troepe is eindelijk klaar met die oplaaiery en nou begin hul die paar sakke koring na buite te sleep en die koring word voor die deur uitgegooi. Ons moet alles so aanskou.

Die ou groot skoene waarvoor ons altyd so vies was, die moet nou in ons huis loop. Ons kom by my moeder se huis en vind dat die wa waarop ons moes ry, al op ons wag. Niemand praat 'n woord nie, almal se oë blink van die trane, want ons weet nie waarheen ons geneem word nie. Ons weet ook nie of ons ooit weer na die plaas sal terugkeer nie.

Maar die grootste droefheid was die bittere afskeid wat ons moes neem. Dit kan ons nooit beskryf nie!

O, daar vertrek ons nou met die eselwa. Toe die wa draai skrik ek so, want dit lyk vir my of dit wil val. Maar ons ry maar aan. Anderkant die huise word eers stilgehou. O, hoe vergelyk die oggend van die 16e April nou met die oggend van die 15e Maart. Die oggend van Maart is al die diere weggeneem, maar nou, die 16e April, is daar niemand wat toegelaat is om agter te bly nie. Eers word al ons goed gevat en nou word ons self op bokwaens gelaai en ook van die plaas af weggeneem.

Daar word drie of vier huisgesinne op een wa gelaai. So vertrek ons van die plaas, met sugte en trane vertrek ons langs die onbekende weg.

Omtrent tien minute van ons plaas, agter die berg, word daar alweer uitgespan. Die waens waarop die vrouens is word almal langs mekaar getrek net asof dit nou beskaaf was. Maar daarmee was die Engelse baie laat. Dit skyn tog in ons Afrikaanse vrouens se oë so onbeskaafd!

Hier en daar sien ons nog waens oor die bulte aankom en dit was ook nog vrouens wat gevange geneem was, en waarby ook nog veel familieleden was. Ons begin maar te sing en ons bespreek ons droefheid met mekaar.

Ons hoor ook etlike kanonskote dreun. Ons harte voel seer want ons het almal een of meer bemindes by die Boere. Ons bly daar tot om twee-uur, wanneer daar weer ingespan en gery word, maar met 'n verkeerde pad. Ons merk dit gou maar ek dink: „Engelsman, jy kan ry, al dwaal jy ook tien jaar hier in die rondte, dan is dit nog beter vir my.”

Omtrent vyftien minute later merk die Engelse dit. O, wat word nou gedoen? Nou ry hul sommer deur die veld tot waar hul in die regte pad kom. Slote en vleie word sommer deurgery. Ek was altyd so bang om in 'n pad te ry met 'n ossewa, en op hierdie dag moes ek deur die veld ry, en boonop weet ek dat hul op 'n slegte manier ry maar tog is ek nie bang nie, alhoewel ek weet dat hul ons graag sou wou verongeluk, maar ek weet ook dat 'n bouse wens nooit geluk nie.

Nadat ons vir omtrent twee uur gery het, word daar weer uitgespan. Ons neem nou aan dat ons die volgende oggend weer verder sal ry en ons pak ons goed van die wa af. Ons ontmoet hier ook nog bekendes wat gevange geneem is. Maar ons het nog nie eers begin eet nie toe hoor ons alweer: „Inspan, Inspan,” en as hul so skree dan moet ons net opklim, want daar is soveel mense en dit kan 'n eindelose verwarring veroorsaak. So begin ons vir ongeveer nog 'n uur en 'n half te ry tot op die plaas Mostertshoek. Daar word ons in die tuin op 'n hoop afgelaai. Ons begin om elkeen ons goed te versorg en ook om plek te soek waar ons kan slaap. Ons kry 'n stoepkamer by die vrou; party slaap weer op die stoep andere weer in die waenhuis, of in die koringskuur en die res onder die bome. So moes ons slaapplek soek waar ons daaraan gewoont was om elkeen na sy of haar eie kamer te gaan en op 'n bed te slaap. Maar ons kla nie, want die Here Jesus was dertig jaar lank 'n vreemdeling op die aarde gewees en het gesê: „Wie 'n disiepel van my wil wees moet sy kruis opneem en my volg.” So mag ek nie kla wanneer ek my kruis moet opneem nie.

Ons slaap maar min daardie nag. Die volgende dag was Woensdag, die 17e April 1901. Die oggend, sien ons nog waens aankom. Ons goed word opgelaai en ons met weer op 'n ander wa klim. Dit skyn onmoontlik te wees, maar ons moet daarop klouter.

Die wa was vol goed gelaai en dan moes daar nog 29 mense ook daarop klim. So was dit ook met die ander waens.

So word daar weer deur slote en oor walle gery. Spekvet beeste en perde wat moeite veroorsaak het, lê dood langs die pad.

O, hoe treurig voel ons weer toe ons deur ons ou dorp (Reddersburg) gaan. Daar sien ons weer ons eie huis en ons kerk. In die hele dorp is daar maar net drie huise waarin mense is wat mag agterbly.

So moes ons maar alles geduldig aanskou en ook hoe ons eie mense se huisraad deur die slegte kaffers en die Khakies uit die huise geneem word.

Maar ek dink: „Dit is wel ons beurt vandag, maar julle beurt kom ook aan, wag maar!”

So gaan ons by al die bekende plase verby en waar nie 'n enkele dier of mens op is nie. Ons ry tot omtrent drie-uur die middag, toe span hulle weer eens uit.

Ons het gedink ons sal die aand reeds by die plek wees waar ons moet bly maar ons reis die dag nie eens halfpad nie.

Dit was vir ons so vreemd om soveel vroumense bymekaar te sien en hoe moes ons ook die bejaardes wat so in die warm son moes sit aanskou! Nadat ons weer vertrek het, kom ry daar 'n wa langs ons. Ons kyk wie daarop ry en tot ons grootste verbasing merk ons dat my ou oom Piet van der Walt en sy ou vrou ook op die wa sit. So oud en ook in die droefheid gedompel en in die warm son op 'n kaal bokwa! O, ek sal dit nooit vergeet nie, dit is of ek dit nou nog aanskou.

As ons voor in die pad of naby die pad 'n sloot of 'n miershoop sien, dan begin ons al bang word, want as die wa nie daar in of daar oor is, dan is dit 'n wonder.

Die waens ry tot sewe langs mekaar en so naby dat ek bevrees is dat hul teen mekaar sal vasry. Maar deur die goedheid van die Liewe Here is ons die aand van die 17e April nog almal wel.

Die middag van dieselfde dag moes ons koskook en ons moes gaan water haal. Ons kom by 'n kuiltjie en alhoewel die water daarvan so sleg lyk moet ons maar daarvan skeep. Terug by die waens moet ek mooi soek om die wa te kry waarop ons ry. Ons hoor dat ons na die mans kan gaan wat ook gevange geneem is. Ons loop met angs in die harte na hulle menende dat daar miskien van my broers ook by was. Maar ons merk spoedig dat dit net 'n klomp hensoppers is en oor hulle voel ek tog nie treurig, want „det zyn hun eigen belang.”

So keer ons na ons wa terug.

O, nou sien ons weer dat daar 'n hoop kaste opmekaar gestapel word, en ons verneem dat ons daar moet kos gaan ontvang net soos ons plaasvolk altyd by ons kos ontvang het. Ons ontvang

elkeen 'n bietjie suiker, wortels, boontjies, uie, pietersielie, rys en omtrent 'n koppie gemengde sop en ook 'n blik bief.

Donderdagoggend, die 18de April vertrek ons weer vandaar.

My sitplek is darm 'n bietjie beter as die vorige dag toe ek by die voorwiel op die reeling moes dit, maar daar was ook nie een wat ek kan noem wat gerieflik gesit het nie. Dit het gelyk asof almal sou afval as die wa stamp, maar vandag gaan dit met die sitplekke darm 'n bietjie beter. Ons bekommer ons net oor die treinreis. Ek het 'n trein nog nooit gesien nie. Ons het 'n grootse vrees en angs daarvoor, al sedert ons vertrek van die plaas af!

Ons kom vroeg in die oggend by Rietrivier, en is so bevrees. Die waens hou op die wal stil en alles gaan toe darem ordelik hier. Die waens gaan een vir een deur die rivier en daarna vertrek ons agtermekaar na Edenburg.

O, hier moet ons nou met oop bokwaens deur die vreemde dorp ry, ons wat altyd te skaam was om met 'n bokkiekar na ons bure te gaan.

Anderkant Edenburg sien ek vir die eerste keer die trein se spoor. Ek het nooit gedink dat ek die lelike ding onder sulke omstandighede sou sien nie.

Die waens gaan voort en anderkant Edenburg word daar uitgespan. Teen ongeveer twaalf-uur kom daar 'n trein verby, en so sien ons vir die eerste keer 'n trein. Daar was vir my niks snaaks aan nie, maar nou was ek nog angstiger as ek dink ek moet daarop reis. Dit baat my egter niks, want die volgende oggend, die 20ste April, word ons op die trein gelaai.

Ons word reeds vroeg in die oggend beveel om ons gereed te maak, en ons gaan gou ons goed van die ander wa afhaal en plaas dit op die wa waarop ons ry, sodat dit gereed is. Ons sit reeds op die wa, en een van die Engelse kom ons vra waarheen ons wil gaan. Ons antwoord hom egter nie, want ons het gemeen: „Ons het mos nie hierheen gekom uit ons eie vrye wil nie, julle het ons gevang, so moet julle ons maar goed versorg.“

Ons vertrek weer, maar slegs honderd tree vandaar moes ons eers weer afklim en daar op die kale aarde sit. Daar word nou nege huisgesinne se goed op die een wa gelaai met die gevolg dat niemand nou daarop kon ry nie en ons moet agter die waens aan loop tot by die stasie. Die son is so warm en ons moet nog boonop die kinders dra. Daar is soveel mense dat daar maklik verwarring kan ontstaan.

En, o, ons het tog so dors!

Dit word egter nog moeiliker vir ons gemaak, want die waens ry omtrent net tien tree, dan hou hulle eers weer stil. As die waens staan dan is ons so moeg dat ons nie kan bly staan nie. Ons gaan sit sommer so in die sand. Voordat ons behoorlik sit, vertrek die

waens weer. Die waens het omtrent tien keer stilgehou voordat ons eindelijk by die stasie aangekom het.

By die stasie moes ons weer die goed afdra. Dit word net vir ons van die waens af aangegee en dié staan omtrent veertig tree van die perron af. Ons moes die goed dan weereens tot by die perron dra.

Nadat die ander mense hul goed opgelaai en opgeklim het, was al die spoorwegwaens vol. Ons moes ons goed dus maar in die kondukteurswa laai en daarna ook self daarin klim. Ons was sewe gesinne wat in die wa moes ry. Ons vind sitplekke en sien toe dat al die kinders bymekaar sit en verheug ons daarin dat ons nog almal lewe. Daar was egter nie een van ons wat nie in trane was nie, want ons weet nie wat nog op ons wag nie en ons weet ook nie waarheen ons geneem word nie. Ons het darem nog 'n dak oor ons maar die meeste was op die oop waens. Meteens gee die trein 'n ruk en ry dit 'n endjie, en kom weer terug. Nou word daar weer 'n hele tyd vertoef totdat die ander trein vertrek het.

Daar gaan ons nou ook, gevangenes wat weggevoer word net soos ons broers en ander bekende krysgevangenes.

Die aand kom ons by Krugerstasie aan en ons slaap die nag daar. Die volgende oggend vertrek ons na Springfontein, waar ons die mense wat voor ons weg is, vind waar hulle op die kale vlakke afgelaai is.

Hier sien ons ook 'n groot kamp met vrouens. Ons verneem dat ons ook hier sou bly, maar dit blyk nie die geval te wees nie. Ons vertoef die dag daar waaroor ons bly was, want daar was van ons familie in die kamp en ook baie bekendes en ons kon tog 'n bietjie by hulle kuier.

'n Treurige gebeurtenis vind egter daar plaas. Die jongste dogtertjie van my suster word skielik so naar dat ons bevrees was dat sy sterf. O, ek dink net hoe droewig dit sal wees om die oulike kindjie te verloor. Maar ek besef gou dat dit van honger moes wees, want sy wou nie die klinkers en die bief eet, nie. My suster wat te Springfontein bly, gee haar brood en skaapvleis om te eet en nadat sy dit genuttig het, was sy na 'n paar uur weer beter. Ons kon dit ook nie anders verwag het nie, want ons was gewoon aan sagte brood en vars melk elke oggend en elke aand.

Ons vertrek weer die 19de April van Springfontein, en ons verneem dat ons Bethulie toe moet gaan. En dit op die liewe Sondag Dit was vir ons so droewig want ons was daaraan gewoon om te lees en te sing. Alles was Sondae so stil op die plaas. Hierdie dag was ons egter op die trein en dit het vir ons so oneindig lank geduur. Ons kom die dag om vier-uur op Bethulie aan.

Nadat die trein stil gehou het, kom loer daar 'n man in. Hy was lank vantevore goed aan my bekend, en ek meen hy kom

ons besoek. Hy staan egter net so 'n rukkies na ons en kyk. Ek verneem dat hy ons kom tel het. „O, ons is nou hulle skape,” dink ek.

So moes ons drie dae by die treinspoor bly, vier of vyf treine gaan daaglik verby. Ek word nou nog moedeloos as ek daarvoor dink, want selfs ons nagrus was ons nie gegun nie.

Op die 22ste April kom die waens weer daar aan om ons op te laai en na die kamp te vervoer. Ons moet weer ons goed ongeveer veertig tree vër dra tot by die draad waar die goed opgelaai word. Ons vertrek teen ongeveer nege-uur die oggend na die Kamp

Ons loop weer agter die waens aan deur Bethulie. Ek was so vuil dat ek liever nie na my wou kyk nie, maar ek dink, ag, wat, ek is maar goed so, want ek gaan tog maar na 'n seil tent.

Op Dinsdag, 22 April 1901, om 11-uur in die oggend kom ons in die Kamp aan.

Ons kamplewe begin op 22 April. Dit was ook die eerste keer wat ons 'n kamp gesien het.

'n Man wys ons die tent waarin ons moet gaan bly aan ons. Ons was veertien mense bymekaar wat almal in die een tent moet gaan bly. Ons was so moeg maar begin tog na 'n graaf soek om die tent mee uit te skoffel, wat ons egter nie kon kry nie. Ek neem toe 'n blik, iemand anders 'n glasstuk en nog 'n ander 'n klip. So werk ons, maar wat oor die weg kom is Afrikaner se kind! Daardie aand kon ons weer praat van „Ons Tent,” aangesien ons vir so 'n lang tyd hier en daar gegooi was.

Nadat ons ongeveer vyftien dae in die Kamp aangekom het, is die eerste kind oorlede, 'n driejarige outjie. Dit was vir ons of die toekomstpad nou aan ons getoon was. Na vyf dae is weer 'n jong kind van twaalf jaar oorlede. Daarna is dit 'n wonder as daar een week verstreke is sonder dat daar twee of drie kindertjies begrawe word. Ook 'n groot meisie word spoedig uit ons midde geneem. Dit was vir my so droewig as ek gedurende dié dag die tent waarin haar lyk was, so aanskou, en dink waar haar vader is en waar haar liggaam lê. Maar ons troos ons dat dit die Here behaag het om haar weg te neem.

Die Kamp was nou in orde. Van stene word stowe gemaak en ook bakoonde. Ons meen dat ons nou tog kon rus, maar nee, die Kamp moet nou weer verskuif word, want die water moet aangery word, en dit word gesê dat dit te veel moeite was.

Een aand word die tente skielik deur die Engelse polisie storm geloop, daar sou dan vreemdelinge in die tente wees. Daar het dan Boere in die kamp rondgeloop en hulle sou hul dan in die tent versteek het. Maar hulle was laat!

Hulle begin die kamp op die 7de Junie 1901 verskuif, maar hierdie keer help ons hulle nie met die vervoer van ons goed nie.

Hulle moet alles oplaai en daarna weer aflaaï. Die nuwe kamp is ongeveer tien minute se stap van die ou kamp af geleë.

Ons begin weer die tente skoffel. Dit gaan nou beter want ons kon tog regeringsgrawe kry om te gebruik. Die kamp lyk nou darem beter as die eerste en die tente is ook beter opgeslaan. Ons leef maar so voort, elke agt dae moet ons gaan meel, koffie, suiker en sout ontvang. Elke vyftien of twintig dae ontvang ons 'n paar stukkies seep en elke môre vleis. Elke Sondag word die erediens gelei deur ds. Becker en Maandae, Woensdae en Donderdae hou ons biduur. Dan is hier ook vrouens wat ons behoeftes opskryf en waaraan dan iets gedoen word. Verder word daar skoene gestuur wat aan die mense uitgedeel word.

Maar ons kry baie swaar in die kamp. Daar word maar altyd bekendes na die hospitaal geneem en baie sterf ook in die kamp.

So gebeur dit dat dit een oggend begin reën. Dit was op die 21ste Junie. Ek merk gou dat die water in die tent begin inloop en om dit te voorkom spit ek gou die voor om die tent dieper en my moeder en suster maak die wal hoër. Dit reën die heel dag deur, en ons kan slegs met 'n gesukkel water vir koffie kook. Van kos kan ek nie melding maak nie, want ons leef nou al vir vier dae van vleis. Ons het gedurende die vier dae geen brood gehad nie, en die volgende nag gaan ons nog sonder kos slaap, want dit reën te veel. Ons kan nie meel of vleis kry nie. Dit gaan nog goed gedurende die voornag, maar die volgende môre van 22 Junie, om drie-uur, bemerk ons dat die water geweldig by die tent se deur begin instroom. Ons staan dadelik op maar voordat ons klaar is was die water reeds by die matrasse—ons slaap mos op die grond net soos volk. Ons tel gou die beddegoed wat nog droog was op en plaas dit op die kis en trommels. Die water spoel nou voor by die tent se deur in en agter uit, en ons wag dat dit moet lig word. Sodra dit lig was gaan ek en my suster 'n tent soek om op 'n droë plek op te slaan.

Ons loop van ons tent omtrent twee voet diep in die water tot by die pakhuis wat ongeveer veertig tree van ons tent af is, maar die opsigter daar weier om aan ons 'n tent te gee tensy ons die kommandant se toestemming daartoe verkry. Nou moet ons weer terug loop in die water na die kantoor van die kommandant om hom om 'n tent te gaan vra. Ons vind hom ook in die reën ook besig om 'n voor in die water te spit om 'n wal om die hospitaal te gooi. Ek vra hom om vir ons 'n tent te gee, maar hy wou eers weet wat ek daarmee wou maak. Ek deel hom mee dat ek dit op 'n hoogte wil gaan opslaan, waarop hy effens lag en sê: „Ja, gaan vat maar.” So ploeg ons toe weer terug na die pakhuis om die tent te gaan haal maar ek weet nie hoe ek die tent sou kan dra nie, want vanoggend sien 'n mens geen polisie nie. Hulle is altyd so fluks om aan ons wette voor te lees

en om ons te beveel wat ons moes doen. Maar ek neem die waternat tent onder my arm en stap daarmee aan asof dit 'n ligte ding is en dra dit halfpad waarna my suster dit van my neem. Sy dra dit ook net so gemaklik.

Ons vind 'n man om ons te kom help om die tent op te slaan, so omtrent vyftien tree van die kamp af, en begin die goed daarheen dra. Teen tien-uur was ons klaar, maar ons het nog niks geëet of gedrink nie. Maar wat vir my die skokkendste was, was dat toe ons die nat klere wou uittrek was ons hande so dom dat ons ons nie kon help nie. Eindelik was ons gereed en my moeder kook vir ons water vir koffie binne-in die tent. Ek en my suster gaan nou 'n bietjie meel soek om vir ons kos gaar te maak. Sy ontmoet egter die barmhartige mense en kry spoedig 'n bietjie, maar ek het by die onbarmhartiges om hulp gaan aanklop. My tante gaan nou weer meel soek, want sy het ook nie kos nie, behalwe 'n stukkie brood, om dié dag van te leef. Sy kry darem 'n bietjie. Ons maak 'n bietjie pap van die helfte van die bord meel wat sy gekry het, en my suster maak van die helfte van haar bord meel 'n bietjie soep. Ons was verplig om dit so af te meet, want ons het nie geweet hoe lank ons nog so sou moes leef nie. Dit was om elf-uur dié dag toe ons vir die eerste keer iets kry om te eet.

Ons kyk nou hoe die ander vrouens nog besig was om hul goed uit die water te red. Dit was so koud op die nat grond!

Die aand was daar vleis vir die kamp mense, maar ons word soos gewoonlik nie daarvan verwittig nie. Dit was te min aangesien daar dieselfde dag nog weer vrouens wat gevange geneem was, aangekom het en dit in die bittere koue. Ek neem egter die skottel en stap daarheen om vleis te gaan haal en ek raak toe ook geholpe.

Sommige kinders hoor 'n mens hier en daar van die honger huil.

Ongelukkig was dit reeds te laat om die vleis te kook, want om nege-uur moet alles stil en die ligte uit wees. Ons gaan maar so op die nat grond slaap en nog dodelik honger boonop.

Die nag kom slaap die bokkie by ons afgeleë tentjie, maar ons het gemeen dat dit honde was. Ek sê nog: „Voertsek, jou slegte hond, 'n mens is so honger, dan kom pla julle nog as 'n mens wil slaap.”

Die volgende dag, die 23ste Junie, was Sondag. Nadat ek opgestaan het, maak ek weer van die orige bietjie meel 'n paar koekies. Dit reën tog nie meer nie.

Teen drie-uur het ons klaar geëet en ons gaan weer ons tent in die kamp regmaak. Ons gooi nou 'n wal om die tent wat soos 'n damwal lyk! Ons was nog daarmee besig toe hoor ons: „Op vir meel en vleis!” wat ons ook spoedig gaan haal.

En 23 Junie 1901 was ook die sterfdag van ons ou vader, Piet van der Walt.

Maandagoggend was ons terug in ons tent. Ons maak al ons werk in die oggend klaar sodat ons die middag weer brood kon bak. Ons bak die hele week brood vir die mense wat nie oonde het nie en hulle gee ons een brood uit elke baksel. So bou ons 'n voorraad vir meer as agt dae op.

Dit duur ook 'n hele tyd voordat ons weer nuus van ons huis kry.

Daar word weer van ons buurvrouens wie nog agtergebly het, gevang en ons kry goeie en betroubare berigte, waaroor ons dankbaar was.

Dit gaan so voort, winderige en warm dae en byna elke dag word siekes uit die kamp na die hospitaal gedra, vreemdes sowel as bekendes. Daar is ook baie sterfgevälle.

Die 29ste Junie was my verjaarsdag, die treurigste verjaarsdag wat ek kon onthou. Ek kon nie eers in stilte gaan oordink wat met my alles in my 23ste jaar gebeur het nie. Hulle het te veel in die kamp geraas, en as ek uit die kamp wou stap dan moes ek iemand met my saamneem. Hoe droewig was dit tog nie!

Op die 15de Julie kry ons weer 'n treurige berig. 'n Baie bekende vriend, Petrus Kruger, is swaar gewond en het daarna beswyk. Ook dat 'n baie dapper man, Jan Coetzee, op die slagveld gesneuwel het, ongeveer 'n maand voor Petrus Kruger. Dit was vir ons droewig om so van ons bekendes te verneem, maar ons moet ons troos, want as dit nie die wil van die Here was nie dan sou dit nie so gebeur het nie. Maar dit het die Here behaag, daarom het die koeëls hulle getref.

Op die 18de Julie is hier weer 'n seuntjie van my niggie oorlede.

So gaan dit in die kamp voort. In die aand word daar gesing tot om nege-uur. Om drie-uur begin die kinders alweer huil en teen dagbreek dreun dit al weer soos die kinders skree en dan gaan dit soos wasgoed wat geklop word soos die moeders die kinders slaan en teen sonop is dit net 'n geraas, dit lag en huil en praat en slaan en ry. Tussen al die geraas hoor mens nog elke oggend: „Op vir vleis!” So duur die geraas deur die dag tot in die aand. As mens uit die kamp stap dan kan mens net vrouens sien aankom met dragte hout en niks anders as karreedorings nie.

Elke oggend word daar voor elke tent hout geplaas sodat hulle die dag daarmee kan kos gaarmaak, maar ons bakhout moet ons self aandra.

O, maar hoe 'n blye dag was die 17de Julie nie weer vir my nie! Dié Saterdagand sien ons weer vrouens wat gevange geneem is met waens na die kamp kom. Ek loop ook nader om te sien of daar nie bekendes by hulle is nie, dan kan ons weer nuus van ons agtergeblewenes hoor. Ek bly daar maar sien geen bekendes nie, alhoewel daar reeds drie waens stilgehou het.

Die poliesman raak so in die nood vir al die mense wat uit die kamp kom en hy van die waens moet afkeer, dat hy al na 'n voor van een voet diep, as 'n spruit verwys!

Ek vind nie een bekende by die waens en keer maar terug na die tent, maar ek was nog nie eens vyf minute by die tent of ek hoor die goeie nuus dat my teer geliefde vriende van Wepener almal hier is! Ek stap so gou na hulle as wat ek maar kon, en alhoewel daar soveel mense was, herken ek my vriende al van vêr af. Hulle was nog nie almal daar nie, maar die herontmoeting was so aangenaam! Daar was nog een huisgesin afwesig, maar die het ek in die aand ontmoet. Dit was die aangenaamste dag wat ek nog in die kamp deurgebring het.

Op die 18de Julie ontmoet ons nog die ander ook, maar ek moet sê die nag was oneindig lank! Die volgende dag was Sondag en ek het nog bekendes ontmoet van die oggend om nege-uur tot in die aand. Ons blydschap was nie alleenlik omdat ons soveel bekendes weer ontmoet het nie, maar hulle het vir ons sulke goeie nuus van dié wat nog agtergebly het, gebring. Agt dae daarna ontmoet ons nog mense en hul deel ons ook sulke goeie nuus van my beminde broers mee, en ek sien ook briewe wat hul met hul eie hande geskryf het. Hoe aangenaam was dit tog nie vir ons nie!

Die 23ste Julie was egter weer vir ons 'n droewige dag. Die bekende vrou van David Coetzee is vandag oorlede, en hy het slegs 'n paar dae gelede van Aliwal hierheen gekom. Dit was vir hom baie droewig, maar tog het hy nog die voorreg bo sovele ander wat nie eens daarvan hoor as van hul dierbares oorlede is nie, voordat selfs 'n maand miskien verloop het. Hy kan nog by die graf staan en die vertroostende woorde wat ds. Becker uitspreek aanhoor.

Nog 'n onvergeetlike dag was die 27ste Julie, want dit was die sterfdag van kommandant Hertzog se vrou. Maar dit alles berus in die Wil van die Here.

Op 28 Julie word daar vir ons 'n stukkie uit die Britse koerant voorgelees. Ons was op pad na die pos om ons briewe te gaan ontvang en moes die moeilike artikel aanhoor. Daar was so 'n gelag dat ons van tien woorde miskien een gehoor het. Dit was 'n berig van ons hoofde. Ek het dit nie anders vertolk as dat hulle ons wil laat weet dat dit nog goed gaan met ons president Steyn, generaal Botha, Generaal De Wet en kommandant Haasbroek.

Bly was ek om so 'n goeie berig te hoor, dat dit nog met hulle alles nog wel was. Die volgende dag wag ons weer om 'n stukkie uit die koerant voorgelees te word, maar tot hiertoe het ons niks verder verneem nie.

Die 2de Augustus was weer 'n droewige dag vir ons met die oorlye van die geliefde vrou van Gabriël Coetzee. Dit was vir ons baie treurig en wat ons nog treuriger gestem het was dat hier juis op haar sterfdag portrette van haar man uit Ceylon ontvang is.

Sy het tog so verlang om hom weer te sien, maar dit het die Here behaag om haar nie langer in hierdie droewige kamp te laat ly nie.

Op die 9de Augustus is hier ook nog 'n welbekende man oorlede, te wete Stefanus van der Walt. Op die 10de Augustus is hier weer veel oorlede asook ene Smith, wat vir my so treurig was. Sy ouers was ook nie eens hier nie.

Hoe gaan dit tog nie hier met ons nie! Op ons plase sien 'n mens miskien dat daar in die verloop van 'n maand een of twee lyke begrawe word, maar hier word daar elke dag minstens drie, vier of vyf begrawe. So kan ons tog duidelik sien dat die Here daaglik in ons midde was om ons te beproef, want ons lees tog in Gods Woord dat waar God 'n gees skei van die liggaam, dat die engel gestuur word om die gees op te neem. Hoe menigmaal kom die Engel nie in ons midde nie! Dit is vir ons droewig om ons bekendes so te sien wegdra na die graf, daaglik vier of vyf, maar ons berus daarin want dit is die wil van die Here.

Ons moet elke dag pos gaan ontvang, maar daar is dit net so treurig, want daar is soveel mans wat nog aan hul vrouens skryf en dan is die al miskien reeds vyftien of sestien dae vantevore begrawe.

Ons beste dae in die Kamp is dus net moeite en verdriet.

Die 12de Augustus is ook 'n dag van trane, want die bekende vrou van Floris Coetzee is vandag oorlede. Net nadat ons hier in die kamp gekom het, het sy 'n brief van Simonstad ontvang dat haar man daar oorlede is. Hoe treurig was sy nie die dag nog gewees nie! En kort daarna is 'n seuntjie van haar hier in die kamp ook oorlede. Dit het so ondraaglik geskyn, want hy en sy vader het albei skielik heengegaan, maar die liewe Here het haar krag gegee om dit te dra totdat haar uur ook aangebreek het.

Op die 12de Augustus is ook die welbekende Gideon Joubert vroeg in die oggend sag uit ons midde geneem, en het hy ook sy rus ingegaan.

Verder is hier soveel siekes dat ons nie in staat is om almal te besoek nie, en ons verneem ook van sterwendes. Ek kan nie 'n dag of nag opnoem wanneer daar nie een uit die kamp deur die dood wegge- neem is nie. Die dood wink ieder uur.

Die meeste beswyk nou aan die masels en aan koors. So is ons dae in die kamp baie droewig. En boonop is dit nie alleen die droefheid wat ons moet dra nie, maar ook ons onuitspreeklike verlange na ons agtergeblewenes van wie ons geen nuus ontvang nie. Dog ons ontvang die krag om dit te dra.

Die 13de Augustus was ook 'n bittere dag vir ons. Ook 'n tante van ons, Dirk Venter se vrou, moes ons aan die dood afgee. Dit was so droewig vir hom en sy kinders, maar hulle moes maar tevrede wees dat sy tog haar heerlike rus ingegaan het, waarvan sy nie

sy nie genoeg kon praat nie. Haar laaste woorde was nog: „Hoe heerlik is dit, en kyk net die menige Engele,” en daarna tweekeer: „Dit is volbring!” Sy was nie bekommerd oor haar ander kinders wat nog om haar gestaan en langs haar siek gelê het nie. As ons in hulle tent gekom het dan het ons nie geweet wie ons moet help nie, want daar is agt persone wat hulp nodig het en wat siek is aan masels. Drie van hul is so ernstig dat daar altyd iemand by hul moet wees. Ook vele andere is daar om hulp te verleen.

Op 17 Augustus het ek in die aand daar gaan waak by die jongste seuntjie wat ook ernstig siek was. Ek kom slaap eers om half-een die nag, maar ek was omtrent net vir 'n half-uur in ons tent toe ek meteens 'n geweldige gedreun hoor. My eerste gedagte was dat dit 'n wa was wat met so 'n vaart die kamp binne kom maar ek besef spoedig dat dit nie 'n wa is. Ek spring op en hardloop by die tent se deur uit om te sien wat gebeur het, maar ek merk spoedig dat dit 'n tent is wat aan die brand is en boonop was dit die tent wat net voor my oom syne waar al die siekes in was, gestaan het.

Almal roep benoud uit om hulp en spoedig was daar baie mense om te help want ons was bang dat daar meer tente aan die brand sou raak. Gelukkig het nie een van die mense brandwonde opgedoen nie en daar het ook nie meer tente aan die brand geraak nie.

Op die 20ste Augustus is die jongste seuntjie van Dirk Venter ook oorlede.

23 Augustus. Hoe droewig was dit om te aanskou toe sestien lyke vandag hier begrawe is!

24 Augustus. Vandag is hier weer die welbekende seun van Piet Hugo oorlede en hoe droewig was dit nie vir ons om vandag ook die vrou van Sias Reynecke af te gee nie! Hy is ook nie hier nie en sy drie kindertjies waarvan die oudste ses jaar was, bly alleen agter.

En die 25ste Augustus was dit ook weer 'n dag van skeiding, want die veertienjarige dogter van my oom, Dirk Venter, is ook oorlede. Die verlies was vir hom so swaar, maar tog hoor 'n mens hom nie kla nie. Op die 25ste Augustus is hier ook talle ander oorlede. Dit is 'n stil, warm Sondag, en die lug is met swaar wolke betrek. Dit is ook die verjaarsdag van my dierbare broer en dit is 'n dag wat ek nooit sal kan vergeet nie. Ons is so vër van mekaar verwyder dat die een niks van die ander af weet nie, maar tog verlang ek nie om hom hier by ons te hê nie, want dit is nou al 'n maand lank wat ons „net Blouw vrek skaap vlys” moet ontvang. Elke more sien ons maar net vrouens vleis terug bring. Die een sê: „Julle het my nie gevang om van my 'n hond te maak nie,” en die ander: „Julle het honderde vet hamels van my gevat en kan vir my beter vleis gee.”

So het alles 'n tyd. Die 27ste Augustus was weer 'n dag van oorlye en is hier veel mense oorlede, ook die vrou van Jan Ackerman. En op die 29ste Augustus is ook 'n dogter van hom oorlede asook die welbekende vrou van Jan van der Walt, en dieselfde aand 'n dogtertjie van hom. Hoe droewig dit ook vir ons is om die dierbare bekendes so af te gee, kla ons nie, want dit is die Wil van die Here, en die Here doen dit in sy welbehae.

Die 30ste Augustus is die ou moeder, die vrou van wyle Piet van der Walt ook uit hierdie droewige Kamp verlos. Hoe treurig moes ons aanskou dat die oue liggaam nog verlaas in 'n kombers na die graf gedra word, maar tog hoe swaar dit ookal vir ons en vir haar kinders is, troos ons ons dat die liggaam nie vir ewig in die graf sal bly nie, maar dat die dag aanbreek wanneer dit heilig opgewek sal word, volgens haar handel hier op aarde. Die laaste keer wat ons haar besoek het, het sy nog aan haar dogter gesê dat die dood van die regverdige geen dood is nie, maar net 'n deurgang na die ewige lewe, en dat sy met haas haar doodsuur afwag So het sy gebly tot die 30ste Augustus. Die môre het sy haar ewige rus ingegaan.

Die 1ste September is 'n stil Sondag en vandag is hier weer vele oorlede, maar die ontslapenes was nie aan ons bekend nie, behalwe die seuntjie van Nikolaas Kruger. Ook is hier weer vrouens gevang wat aan ons goed bekend is en wie ook veel van ons agtergeblevenes aan ons vertel.

So gaan die dae voort in die kamp. Elke dag is hier begrafnisse en tot agtien lyke word op een dag ter aarde bestel.


Hier is huisgesinne uitgesterf sodat daar soms net een oorbly.

Op die 3de September is weer 'n dogter van Dirk Venter oorlede. Van sy gesin is daar nou nog net hy en een dogtertjie oor.

Op die 5de September is ook talle persone oorlede; ook die vrou van Berend Kruger wat aan ons goed bekend was.

Om ons tent is net krankes en ons self is nie gesond nie. Dog ons is nog in staat om die andere by te staan wat so geheel hulpeloos is, waar die moeder en al die kinders aan masels siek lê.

Die 11de September is ook weer vele oorlede asook die seuntjie van Gert van der Walt. Hy is die aand om nege uur oorlede, en was slegs ses jaar oud. Hy was een van 'n tweeling en hul moes albei groot word tot in hul sesde jaar. Dit het die Here behaag om hul tegelykertyd aan hul moeder te gee maar tog nie om hul gelyk weg te neem nie. Maar die volgende oggend is sy sustertjie, Jakkie, wat 'n paar jaar ouer was, ook oorlede. Hoe heerlik was haar deurgang tot die ewige lewe nie! Sy het al haar bekendes geroep om ons almal 'n lieflike handdruk te gee asook 'n kus, verlaas hier in hierdie droewige kamp te Bethulie. En dieselfde aand het dit ook die Here behaag om nog 'n seuntjie te neem, die jongste.



Die kampherhof te Bethulie na die oorlog.

..... »Op deze morgen gaat ik om te zien hoe veel menschen hier
ontslapen is.» [p. 50].

Hoe bitter was dit vir die dierbare moeder om hierdie drie jeugdige kinders af te gee, en veral nog aangesien haar eggenoot in Ceylon was en nie daarvan weet om so haar smart met haar te deel nie Waar hulle altyd agt bymekaar was daar nou maar net vyf. Dog ons hoor haar nie kla oor haar verlies nie. Sy berus in die Here se Wil.

Hoe moeilik moes ons nie die siekes verpleeg nie, menige nag sonder lig en sonder medisyne. Eindelik kom ses dames om ondersoek in te stel en hulle het opdrag gegee dat ons ligte, wyn en brandewyn verniet moes kry. Hoe skraps dit ook aan ons gegee was, was ons nogtans dankbaar om dit te ontvang.

Op die 5de September is hier weer die bekende seun van Martinus van Staden oorlede en op die 13de en 16de twee dogtertjies van Dawid Botha.

Die maande gaan verby byna sonder dat ons dit besef, maar tog pas dit ons om hierdie gebeure nie te vergeet nie.

Dit is vandag al die 22ste September en ons is reeds vyf maande in hierdie kamp, waarvan die meeste moeite en verdriet was.

Op hierdie oggend begewe ons ons na die kerkhof om te sien hoeveel mense hier oorlede is. Ons tel tot ons verbasing 461. Maar nogtans kan ons die ontslapenes daar in hul rusplekke toeroep: „Heilig Koor der reine Zielen voor Gods hoogen troon geschaard.”

Vele dierbares is daar weggelê maar ons wil nie kla nie en berus in die Wil van die Here.

Ons dae is droewig hier in die Kamp en word daagliks nog droewiger want ons is in die hande van ons vyande en hul smag daarna om ons dood te maak.

„Hoe zwaar het ook op ons mog val
op dees bedroefde aardssche dal,
dan wenden ik my maar tot God,
en dink maar zoo, het is my lot.”

„Ik hoop het zal weereens gebeer
dat ik een dag zal wederkeer,
en myn Broeders en stille tranen groet,
want over hele lyd ik verdriet,”
en velen zyn hier die het weet en ziet.”

Want ons geniet ook niks wat skoon is nie. Alles eet ons met ang in die hart, want dit gaan met ons hier soos die Bybel sê: van die more tot die aand arbeid en nog met 'n angstige hart brood van smarte eet.

Jare en maande wat onvergeetlik is en gedurende Augsutus is daar weer vele oorlede en Oktober is ook 'n maand van trane, want dit was reeds gedurende hierdie maand wat hierdie swaar oorlog ver klaar was. Die 3de Oktober 1899 was die dag toe ons hierdie

swaar ingegaan het. Op daardie dag het ons gesê dat as die oorlog ses maande moet duur, ons nie weet of ons dit sal kan uithou nie, maar ons was nog in huise woonagtig, met alles so gerieflik, lekker brood, vet vleis, volop melk, botter, klere aantrek net wanneer ons wou. Toe kla ons, toe kon ons nog in 'n kamer gaan en die deur toemaak as ons in stilte wou gaan sit of op 'n bed wou gaan rus. Elke dag het ons telegramme met nuus ontvang. Toe kla ons, wat ek nou erken ons nooit geregtig was om te doen nie.

Nou is dit al twee jaar en bitter is die kelk om te drink, sodat menige geheel afgedwaal het. Ek twyfel of hul ooit weer terug sal keer. Nou is ons gevang en weggevoer ver weg van ons warm huise met baie vertrekke en hier is ons in tente gesit waar ons koue en hitte moet uitstaan. Al ons goed is van ons weggeeneem, die grootste siektes moet ons deur gaan sonder lig en ons is byna nooit gesond nie. Ons moet ons hout vyftien minute se stap van Grootrivier af aandra waar ons gewoon was om na die kraal te gaan om mis te gaan haal en die kraal was maar omtrent tien of vyftien tree van ons huis af. Daar is vele hier wat dit nie eens gedoen het nie, en nou moet hul ook maar in smarte sukkel.

5de Oktober was my treurigste dag wat ek nog in die kamp gehad het, en ek sal dit nooit vergeet nie. Ek moes Psalm 118:9 uitroep : „De Heer wou my wel hard kastyden maar storten my niet in de dood, Verzachte vaderlyk myn lyden en redde my uit alle noot.”

Ons dae is hier swaar, want ons is in die hande van ons vyande. Baie loop weg uit die kamp en kom ook veilig by die Afrikaners aan. Menige dag word ons vasgekeer sodat ons nie uit die droewige kamp kan kom nie. En dit is so bedompig in die kamp dat ons nie kan lewe as ons nie krag kry nie, want hier is nie honderde nie maar duisende. En „dan nog Klas ver klas jingkoes die ons zoo vertooring, Ingilsze Boere en ou Khakies noijens die ons zoo tot een spyker in ons oogen loop. Dit was my beeter zulkes nooit gebooren was.”

Maar Oktober 1901 leer ons nog veel meer. Reeds in die begin van hierdie maand kom hier 'n Engelse leer en daar is 'n welbekende man, Jan Nell, wat 'n dapper burger en een van ons Afrikaners was, by hulle. Die Engelse het hom in die hande gekry en het hom die straf van tien maande harde arbeid opgelê. Nou is sy gevoelens so dat hy gewillig is om nog by hulle te bly en saam met hul gaan teen sy mense. Dit was 'n groot skok vir sy moeder en susters toe hy die dag hier met die Khaki pak aan kom. Hy lyk net soos 'n regte Tommie. Nou is Jan Nell 'n groot spyker in ons oë.

Op die 9de Oktober sit ons en wasgoed was in die spruit van Bethulie. Ons is so moeg, honger en treurug. Maar in die kamp is daar nog diegene wat so plesierig is dat hul nog gaan uitry. Veral twee miss Duszels en een Miss Mere en een Miss De Wed en twee

Coeziers of hulle jongmans, ek weet eintlik nie. Die een wat tussen mejj. De Wed en die ander juffrou sit die het ek gesien het 'n khaki pak aan. Ek dink toe by myself hoe moet ek dit verstaan, ons is tog almal gevangenes. Maar ek was tog dankbaar dat ek liever „een sprytzitter is dan een kar ryer op zulke manier.” Dit sou vir my goed wees om hier so verdruk te wees.

Die 10de Oktober was die verjaarsdag van ons President Kruger, en ons ontvang op hierdie dag ook 'n mooi bui reën. Dankbaar was ons om dit te kry. Die 2de Oktober was President Steyn se verjaarsdag en ons het na Grootrivier gegaan om dit te gaan vier.


Ons sou 'n groot fees gehad het, maar ons het te bedruk gevoel. Ons was egter dankbaar omdat die Here tot nou toe hulle albei gespaar het. Mag dit die Here se wil wees om hulle nog te spaar en krag te gee om die sware taak wat op hul skouers rus, te dra, en om dit te doen met trou en lus tot heil van volk en staat.

Ons dae in die Kamp is net moeite en verdriet. Hoe onvergeetlik is die 17de Oktober nie, want my dierbare vriendin Sannie Henning is ook nou oorlede. O, alhoewel sy nie 'n niggie of 'n familiebetrekking van my was nie, was sy tog so'n dierbare vriendin en onvergeetlik is haar heengaan. Die dierbare Sannie is uit ons midde geneem in die fleur van haar lewe, jeugdig het sy die heerlijkheid ingegaan. vertroostende woorde het sy voor haar heengaan aan ons gerig. Sy het haar dierbare moeder getroos dat sy nie oor haar moet ween nie. Sy het gesê: „Twintig jaar het die Here my aan u gegee en nou neem hy my om Hom te verheerlik in die Hemel. Nou gaan ek spoedig my jongste broertjie en my niggie ontmoet wat kort voor my heengegaan het.”

Ons dae gaan snel verby en nie 'n dag of hier is begrafnis. Die dood wink ieder uur. Vandag is dit die 20ste Oktober en daar word maar weer begrafnis gehou want elke dag is 'n dag van rou en van tranen.

Ons dae gaan voort met verdriet want ons weet nie wat nog uiteindelik van ons sal word nie. Ons wag maand na maand op vrede, maar dit is al Oktober en ons wag nog op lig. So gaan dit vandat ons hier in die kamp gekom het. Dan hoor ons volgende maand sal ons huis-toe gaan maar ons bly maar hier. So kry ons tog die dae om. Dan ondersoek ons weer die Skrif om troos te vind. Ons vind tog troos en ook dikwels dat ons skuldig is.

As hier miskien vrouens kom wat weer gevange geneem is, dan sien mens net mense aankom om tog uit te vind of daar nie nuus van hul agtergeblewenes is nie. Vir die pos is ek baie bang. Ons is eintlik nie in staat om ons droefheid in hierdie kamp neer te skryf nie, so word ons hier behandel. Ons hoor dat ons huise afgebrand is en dat al ons boerderye weg is, maar dit is nie vir ons droewig



*Die wasklip en waterkuil in die spruit by die kamp te Bethulie.
„Maar toch was ik dankbaar dat ik liever een sprytsitter is
dan eek kar ryer op zulke manier” [p.55.]*

nie. Wat vir ons droewig is, is wanneer van ons Afrikanerbroers doodgeskiet of gevange geneem word, dan kan ons sê dan treur ons.

„Maar wij blyf wachten op onze Heer,
Hy schink ons redding weer.
Wij vragen geen rykdom,
Wij zoeken geen eer
maar willen in stilte,
slegs dienen die Heer.”

„Waarvoor dat ik lyden geef ek niet om,
want wy houden Vryheid en staan haar niet af,
of anders kan hele my lievers maar
dra naar het graf.”

23 Oktober 1901. Dierbare vriende moet ons daaglik van afskeid neem. Daar is ook weer 'n bekende dogter van Willem Venter oorlede. Die lieflike Annie Venter sal ons nooit weer op aarde ontmoet nie en ons sal met haar nie weer 'n woord praat nie.

O, ek voel so treurig as die dag aanbreek want ek weet treurigheid breek saam met die dag aan. Ons het nie kos om ons mee te voed nie, siektes baie en leuens net so volop, want ses duisend mense is hier op 'n klomp in die kamp. Hier ontmoet ons bekendes wat ons tien of twaalf jaar laas gesien het. Ons is nie bly oor die herontmoeting nie, want ons voel te bedruk en sien liever dat hier niemand meer na die kamp moet kom nie. Ons verlang net na vrede en daarvan hoor ons niks. Al sou daar môre vrede gesluit word, dan sal ons vandag daar nog niks van weet nie, want blye boodskappe word nie aan ons oorgedra nie, net wat droewig is, weet hulle om gou te verklik. Ons voel asof ons lewendig dood is, maar die gees stry, want die dood wink ieder uur en nog boonop is alles wat ons geniet, nie skoon nie, wat ook 'n groot kwelling vir ons is. Ons begin nou al om die kamp te verlaat en om in die veld uintjies uit te grawe en nog ander veldkos sodat ons dit met 'n geruste hart kan eet en as ons dit eet dan smaak dit tog so gesond!

30 Oktober. Dit reen baie en vandag is dit so nat dat ons byna nie eens uit die tent kan gaan nie. Ons verlang so om tuin te kan maak soos ons gewoonte was, maar hier sit ons in 'n kamp en het nie eens die voorreg om vry rond te loop nie. Net soos kwaaddoeners is ons vasgekeer, wette word gemaak en as ons dit oortree dan word ons gestraf. Oor ons eie land en oor ons vryheid word ons so gestraf!

Ons vet skape is weggeneem en nou moet ons gevrekte skape se vleis eet en dit het ook nie eens die smaak van vleis nie. Menig oggend as ons dit gaan ontvang dan is dit so vuil gemors dat ons verplig is om dit weg te gooi. Ons is so maer dat ons nie in staat is om ons werk behoorlik te verrig nie. Rus-rus moet ons die ou klein

tentjies aan kant maak, omdat ons so maer is. Maar andere blink van die vet, hulle weet van geen honger, nog kommer nog van verdriet. Hul oë peul uit van die vet. Ons voel moedeloos, belas, belaaï, rusteloos, verdrietig, armoedig, treurig en kranklik. As ons bietjie uit die kamp gaan om troos te vind daar in die stilte, dan voel ons heeltetal anders van gemoed nadat ons 'n uur op 'n plekkie gesit het of 'n endjie geloop het, en as ons die groen gras en die blou blommetjies so aanskou. Ongesteurd kan ons ook nooit terugkeer nie, want dit duur nie lank nie of die Khakies begin hier en daar uit die spruit te kruip en dan moet ons maar weer terugkeer na die benoude kamp waar alles so treurig is, waar werk nooit gestaak word nie, waar gedurig siekes en dooies uitgedra word, waar die treurendes met rooi getreurde oë sit, waar die aanhoudende rumoer van kinders nooit ophou, waar ons in die warm, benoude tente moet bly en een leuen op die ander leuen moet aanhoor om ons lewens nog swaarder te maak en dan nog die bitter honger ook moet verduur.

Dog in hierdie sware kamp leef ons ook nie sonder beproewing nie.

Die 3de November is ook weer 'n dag van skeiding en is my oom, Dirk Venter, ook oorlede. Nou is hy met sy hele gesin oorlede, behalwe een dogtertjie van twaalf jaar wat nog gespaar is, maar mens hoor haar nie kla oor haar treurige lot nie. Wat die liewe Here aan ons doen, is welgedaan.

„Want de Heer is groot, een heerlyk God,
Een Koning die het saligst lot.
Ver boven alle goon kan schinken
Alles die op aarde leef,
Beef onderde Wil en beschermd hand dus Heere,
Wat de Heere doen is en zyn wil behagen.

Het diepst van aardryks ingewand,
Het hoogs geberg is in zyn Hand. “

Van boven de aarde tot so diep het mensch ook moog bevat. Tot ook het hoogste geberg, syn ook onder de Wil dus Heeren, Aan dien hy dit ook toegeschink heef, Dien sal het beert is al gehoorsaam op zyn winken. Zoo zyn het ook met de gene die de Heere roep tot de ewige woning die moet spoedig gaan, want de hooge bergen als de Heere ook tot hun wink zal zy hun oude staanplaats moeten verlaaten, zoo moet ons maar zwygen over de gene die hun reis voleindig hat en over ons zelf treeren, want ons weten niet waar en hoe ons ook nog moet vaaren voor ons reis voleindig het, Waaken en bidden moeten wy op dien weg gaan.

Zoo gy zyn stem dan heeden hoort verhard u niet maar laat u leiden. Geloof zyn heii en trooslyk woort. Onze leeven wort op wonderlyke wyse beproef.”

Op die 8ste November word daar vir ons 'n uitnodiging voorgelees naamlik dat ons op die 9de November ook 'n viering moet bywoon wat gehou sou word op die verjaarsdag van hulle nuwe koning. Maar ons voel nie so om daarheen te gaan nie, want ons word slegter behandel as wat ons ons honde behandel het. Ons moet ons met brood voed, en as ons loop dan voel ons soos siek mense en dit van mishandeling. Daar gaan gevolglik van al die mense in die kamp slegs twee meisies daarheen maar ek ken hulle nie. Die nag word daar 'n kennisgewing op die proklamasieplank geplak dat almal wat daarheen gaan as jingoes beskou sal word. Die kennisgewing is opgeplak deur 'n onbekende persoon wie nie in die kamp gevind kon word nie. Kommandant Dear was baie teleurgesteld met die fees wat hy wou gehou het. Ons was baie getrou teenoor mekaar.

Op die 12de November word daar weer aan ons voorgelees dat die persoon wie sou verklik wat die kennisgewing geskryf het, 'n beloning van £5 sou ontvang. Ons het nie geweet wie die skuldige persoon was nie, maar al het ek of ons ook geweet wie dit gedoen het dan sou ons dit nie verklik het nie, al was dit ook vir twintig pond.

13 November 1901. Ons dae gaan maar nog op die ou gewone wyse voort. Ons leef nog steeds op hoop, maand na maand ver-wag ons vrede maar tot nog toe is die toekoms maar donker, en ons wag op lig. Ons lewe is droewig en ons troos is maar dat as iemand ons hier in ons tent in die Kamp besoek, dan kan hulle ook niks anders as net aan ons sê: „Ja, dit gaan treurig, treurig ens.”

Die 11de November is hier ook die vrou van Floris Coetzee en ook nog vele ander oorlede. Sy was die sewende lid van hierdie familie wat gedurende die afgelope ses maande oorlede is. Vele huisgesinne is in hierdie kamp te Bethulie uitgesterf sodat daar nie een oorgebly het nie, of miskien net 'n kind of 'n moeder of 'n vader.

16 November is al weer 'n onvergeetlike dag want ook die dierbare vrou van Gert Kotze is oorlede. Hoe droewig was dit tog nie vir haar twee ouers wat albei oud en sieklik is, om hul jeugdige Emmie af te gee nie, veral ook omdat haar man so vër van hulle af in Ceylon was nie. Maar hulle almal is geduldig onder die kastydende hand van die Here, want die Here kasty die mense vir wie Hy lief het.

Die 17de November was 'n stil Sondag en ook weer 'n treurige dag, want vele moes op hierdie dag sien hoe hul dierbares in die aarde weggelê word. Terwyl party mense nog treurend langs die

geopende graftes staan, het andere reeds weer gesterf. Op hierdie dag is ook die welbekende vrou van Sarel Venter oorlede, wat vir ons ook onvergeetlik is.

21 November. Ook weer 'n onvergeetlike dag, want vandag is ook Annie Grobler se sterfdag. Hoe droewig dit ook vir ons, hoe swaar vir haar dierbare moeder, want sy moes alleen die droewige verlies betreur, haar eggenoot en twee seuns was nog in Ceylon en hul het nie eens geweet dat hulle dierbare Annie oorlede is nie. Maar ons kla nie, want wat die Here doen is welgedaan.

28ste November is nog 'n dag van skeiding hier op aarde, want vandag is ook die sterfdag van die vrou van Chrisjan Kruger. Dit was vir ons droewig om dit te beleef en om te dink dat ons nooit weer die voorreg sou hê om hier op aarde haar innemende gelaat te sien nie en dat ons ook nooit weer met haar 'n woord sou praat nie. Maar die Here neem al sy uitverkorenes weg uit hierdie smarte. Vroeg in die oggend is sy van haar eggenoot af weggeneem en ook van haar kinders, maar hy het tog nog die voorreg gehad om haar begrafnis by te woon. Dieselfde dag, naamlik op die 28ste November was nog 'n uur van skeiding met die oorlye van die vrou van Abram van Tonder. Ek kan nie besef dat ek haar nie weer op die aarde sou sien nie, want ek het haar so goed geken. Hierdie twee mense sal ek nooit kan vergeet nie en gedurende hierdie twee dae is hier vyf-en-veertig lyke begrawe. Hier was nie planke om kiste van te maak nie en die meeste moes sodoende maar in komberse begrawe word. Die familie het aangebied net wat hulle kon, maar kon nie geholpe raak nie.

Maar daaroor sou ons nie treur nie, want tot stof moet ons almal eenmaal terugkeer en ons dink ook daaraan dat hul nie vir ewig in die graf sal bly nie.

Hier is weer 'n bekende man, Jan van der Walt, oorlede. Sy vrou en drie kinders is hier in die kamp te Bethulie oorlede en nou bly sy ander kinders alleen agter. Maar dit is so lieflik om te sien hoe geduldig hulle is onder die hand van die Here, maar ons almal se dae vlieg verby soos 'n skaduwee. Hier in die kamp kan 'n mens sien hoe nietig die mens is. Vandag is ons gesond en na vier of vyf dae word jy na, die graf gedra. Nou word daar elke dag van vyftien tot twintig lyke begrawe.

Op die 4de Desember was hier 'n inspekteur om te sien hoe dit in die kamp gaan maar hy was gladnie tevrede met die toedrag van sake nie. Nou word daar vir die siek mense buitekant die kamp tente opgeslaan naby die hospitaal, en hulle moet nou daarin gehuisves word.

Die 6de Desember word hier weereens klere uitgedeel en ons kom nou tog ook eenmaal aan die beurt, die eerste keer gedurende die sewe maande wat ons reeds hier in die kamp is. Ons kry tog

sis vir rokke en flennie en 2 paar kouse. Dit was vir my 'n wonder om dit te ontvang, want ons is al so lank hier en het nog niks ontvang nie.

Op 22 Desember weer die bekende dogter van Jurgens van der Walt oorlede. Ja, die liewe Catharina het ook haar ewige rus ingegaan. Hoe treurig is haar moeder tog nie hier op aarde oor haar heengaan nie, tog sy juig in die Hemel van vreugde.

21 Desember. Vandag is ook die een dogtertjie van Adriaan Venter oorlede, en hy is ook nie hier nie. Die drie kindertjies is oor die tydperk van nege dae oorlede, dog hoe droewig dit vir haar en haar suster is, kus hul die kastydende hand van die Here.

Verder verlang ons na Vrede. In ons smarte gebeur hier altyd nog iets om ons droewiger te maak. Gedurende November word weer 'n lys rondgeneem in die kamp en word die mense versoek om daarop te teken as hul na die Kaapkolonie wou gaan. Nie een van ons tent se mense teken daarop nie.

Verder hoor ons op die 13de November in die oggend: „Op vir vlys en jem.” O, ons skrik eintlik want gedurende die agt maande wat ons van die huis af weg is het ons nooit van so iets gehoor nie. Ek het geskrik omdat hulle so vêr gekom het, want agt dae vantevore het ons ook gehoor: „Op vir vlys en lymjoes!” Dit was verbasend! Party mense neem 'n groot skottel menende dat hul 'n halwe skottel sou kry sodat hulle 'n week lank daarvan kon drink as dit aangemaak is, maar hulle ontvang nie meer as 'n teelepel vir elke persoon nie. So was daar in party groot skottels net drie teelepels vol en 'n mens moes daarin voel om uit te vind of daarin iets is, want 'n mens kon niks daarin sien nie.

Hulle werk nou ook al vir ongeveer neëntien dae om die tente verder vanmekaar af op te slaan, want die inspekteur het hier aangekom. Die Kommandant van die Kamp is „ou Daer hy moet ook die wereld scheer” want hy het nie met ons goed gewerk nie. So hoor ek, daarom moet hy die akker skeer. De Villiers wie so kwaai was, is oorlede en Gert Coetzee wie altyd die tente uitgedeel het ook. Wat nou nog alles gaan gebeur moet ons nog eers sien, want alles word verander en nuut gemaak. Die fontein word met sement uitgemessel en pype word aangelê tot op die wal en in die waskuil word ook 'n pomp geplaas sodat die water tot bo-op die wal uitgepomp kon word, en sodat ons daar in skottels en op tafels kon was. Maar ek sê: „Dankie ver al jou gemak, Oom Geel Pak(k)ie, laat my maar huis toe gaan en gaan jele maar naar jele land in gaan zit daar en kom tog nooit weder in ons land dan leef ik gelukkig en rustig dat ik kan zeggen nu het ons de eer, hier is geen engelsman meer die ons rus kan verstoren. Die Afriners hant aan hant, hier in hele eigen land, dit is al wat ik wil hoor.



Die uitsig op die berge te Bethulie

*„Maria Venter speel toen voor ons op de harp die zyn klank
mooi ver toon op de hoogse berg onder de rotzen.” [pp. 72-73].*

„In Campen en door rampen moet ons gaan
om voor ons land te staan
en als verloorene treeren.
Maar de vrede tyd breek aan
dat ek moet huis toe gaan
om my Broeders te gaan groeten.
„De 22 Dec. 1901 Zondag vyf oor half drie.”

23ste Desember. Vandag het ek 'n portret gesien wat vir my tog so mooi was, dat ek dit nou nog onthou. Dit was 'n portret wat Jan Olivier aan sy vrou gestuur het. Aan die een kant hang die Transvaalse vlag en aan die ander kant die Vrystaatse, en bokant die vlag is in groot letters geskryf: „Vryheid, Emegrade, Eendrag maak Mag. O, die onvergeetlike woorde” in ons droefheid! Dieselfde oggend is hier agt kanonskote afgevuur, ek weet nie waarom nie.

24ste Desember was weereens 'n onvergeetlike dag, want ons het 'n brief van my jongste broer ontvang waarin hy ons meedeel dat hy ook gevange geneem was en dat hy ook in Bethulie was, nie eens vyf minute se stap van die kamp af nie. Dog ons weet nie waar hy was nie maar ons was dankbaar om te hoor dat die Liewe Here hom nog gespaar het. Dit was vir my droewig om te dink dat hy gevang was, maar ek moes maar tevrede wees.

25ste Desember, Kersfees is 'n stil dag. Die oggend om ses-uur het die leeraar, Coning, die klok laat lui en al die kinders van 3 jaar tot 15 jaar word geroep om na die plek waar ons altyd kerk hou, te kom. Almal wat kon loop is daar en die wat nie kon loop nie, word daarheen gedra. Daarvandaan gaan die kinders na sy huis waar hulle lekkers as kergeskenk aangebied word. Hulle het ses, ses in 'n ry geloop. Dit was mooi om te sien hoeveel kinders daar nog in die kamp was wat nog geleef het. En moet nie van die seuns praat nie. Dit was vir my of ek weereens ons burgers voor my sien, net soos ons hulle die vorige Kersfees gesien het, net hierdie outjies is nog te klein en dan makeer die Vierkleur, die geweer, die saal, toom en perd. Nadat dit verby was, gaan ek en my suster na die berg om 'n besem te gaan haal. Toe ons by die voet van die berg kom, hoor ons iemand na ons roep. Meteens kyk ons op en merk dat dit van ons maats is wat daar bo op die kruin van die berg sit en na ons roep. Ons gaan toe ook na hulle toe om die wêreld van daar te beskou. Dit was ek, Renie van der Walt, my suster, Hester,²⁾ Ellie Venter, Maria Venter, Johanna Coet-zee en Johanna van Tonder. Maria Venter speel vir ons op

2) Elsie M.I.J. Venter (gebore 28 Maart 1884). Later getroud met J.G.A. Kruger, Reddersburg. Sy is op 23 November 1940 oorlede. Haar Eggenoot is tans 91 Jaar en woon op Reddersburg.

haar harp en die klank daarvan word mooi weergegee hier op die hoë berg onder die rotse. Maar die son het naderhand so warm geword dat ons moes terugkeer na die rustelose Kamp.

27ste Desember loop ons uit die kamp na 'n plaas om vrugte te gaan haal. Ons bereik die plaas veilig maar ons vind niks anders as groen perskes en verdroogte apelkose nie. Die huise is verwoes en die mooi geboue ook. Ons stap nou ook na 'n ander plaas wat 'n endjie van hierdie een af geleë is. Alles is vir ons vreemd, maar die lieflike vrugtebome lag ons van veraf toe. Maar toe ons daar kom sien ons dat daar geen ryp vrugte is nie. Dit was maar treurig, want ons het so vër in die warm son geloop en tog niks gevind nie.

Ons moes nou weer in die warm son na die kamp terug stap. Ons kom die middag om twee-uur terug in die kamp.

Op die 28ste Desember is weer 'n neef van ons oorlede, naamlik die seun van Dirk Venter. Dit is onvergeetlik om te dink dat van die drie gesinne wat op die plaas gebly het, nou net ses leef en drie van hulle lê siek in die hospitaal.

1 Januarie 1902 was 'n besondere stil dag maar tog so treurig, want hier was sovele wat reeds oorlede is en Oujarsdag is daar ook weer vele oorlede en ook die welbekende vrou van Josef Coetzee. Ons moes van die dierbare Engela Coetzee ook afskeid neem. Op Nuwejaarsdag is ook weer baie mense oorlede, ook die vrou van Dirk Coetzee met wie ek goed bekend was en die dogtertjie van wyle Jan van der Walt. Ons het dus die Nuwejaarsdag van 1902 veel droefheid ondervind waar ons gewoonlik op hierdie dag so-veel vreugde geken het. Ons trane moes ons spyse wees maar ons wag om getroos te word.

Gedurende die tyd sterf ook 'n seuntjie van Stefanus Venter, wie op die 28ste Desember oorlede is en op die 19de Januarie is die laaste kind van Dirk Venter se gesin, 'n dogter, ook oorlede. Hoe wonderlik is dit tog nie om te dink dat in die verloop van ses maande en ses dae die hele gesin oorlede is en dat daar nie een van hulle in hierdie droewige kamp oorgebly het nie. Sy getroude seun en vier klein kindertjies is ook oorlede. Sy oue vader en moeder leef nog en die afsterwe van die hele gesin is vir hul byna ondraaglik. Sy vrou se vader en moeder leef ook nog maar hulle is nie in hierdie kamp nie.

O, ons sal hierdie treurige dae nie vergeet nie! Ons was so 'n vrye volk en nou is ons gevangenes. Hoeveel vrugte het ons nie in hierdie tyd van die jaar gehad nie en hoe volop was melk en botter nie! Ons het in groot, koel huise gewoon en nou moet ons in die klein, warm tentjies bly en ons het nog geen vrugte vanjaar gekry nie. Ook nie eens melk nie, net gekondenseerde melk kon ons kry. Tog hoor ons dat ons nou, dit is op die 20ste Januarie, botter sou kry, grote wonder!

Maar ek hoop ons sal nie altyd so swaar kry nie en dat die dag sal aanbreek wanneer ons uit ons ellende verlos sal word. Dan sal ons getroos wees van al die droefheid.

22 Januarie is nog 'n dogtertjie van Stefanus Venter oorlede. Nou bly sy dierbare vrou alleen agter. Dit is byna ondraaglik vir haar want sy het haar eggenoot en drie kinders asook 'n skoonvader en skoonmoeder en al hul kinders en nag een van haar eie susters en 'n broertjie deur die dood verloor en dit oor 'n tydperk van slegs vyf maande.

Maar tog gee die Here haar die nodige krag om dit te dra. Sewentien mense het sy grafwaarts sien gaan, behalwe nog haar stief-ooms en -tantes.

Ons staan verdwaasd as ons by die kerkhof kom en aanskou hoeveel mense hier oorlede is gedurende die afgelope nege maande. Ons merk dat hier in die kort tydjie baie meer mense oorlede is as wat op die dorpe wat al so lank gelede gestig is, in al die jare heengegaan het. Daar sou nie plek vir soveel graftes in Reddersburg se kerkhof gewees het nie en tog is die dorp al tussen vyftig en sestig jaar gelede aangelê. Hier is meer mense gedurende die afgelope nege maande oorlede as wat daar in al die jare oorlede is.


Ek besef dus dat 'n mens se leeftyd deur droefheid verkort word, maar ons kla nie, want dit is die wil van die Here. Die Here het gegee, die Here het geneem, die naam van die Here word geloof.

Op die 27ste Januarie word ons tente weereens verskuif. So moes ons van vooraf vir die derde keer 'n plek vir die tent skoonmaak, asook weer 'n kookplek en 'n oond. Ek is nou ook al net soos 'n pak-os, ek gee nie om om te ly nie want ek weet dit is vir my vryheid en reg.

Die hele kamp is nou groter gemaak en 'n mens is verbaas as jy nou die groot kamp aanskou en dink dat dit dieselfde hoeveelheid mense huisves as wat eers daar in die vlei op 'n klomp gebly het. Dit gaan nou tog met die kos en versorging beter as voorheen en dit lyk tog nou weer vir my asof ons weer mense kan wees. Die versorging is oor die algemeen beter en dan kry ons nou tog ook groente as bykomende voedsel.

Vanaf die 4de Desember gaan dit heeltemal beter met ons. Ons begin weer sterk en gesond voel. O, maar as ek nog terugdink aan Oktober en as ek dink hoe ons honger gely het, dan kan ek beswyk.

Op die 1ste Februarie word hier ook die welbekende dogter van Frans Strohmeier begrawe. Hoe droewig was haar heengaan tog nie vir die dierbare moeder nie, want sy het net die een dogter gehad. Haar vader is ook nie hier nie en van al haar broers is slegs die jongste in die kamp. Dog ten spyte van al die droefheid voel ons



Die konsentrasiekamp te Bethulie

*„Nu kan mensch verbaas staan als mensch na de groote Camp
aan aschouw.....” [p. 79].*

getroos, want ons treur nie soos die gene wat geen hoop het nie. Hierdie meisie was een van my vriende wat van Wepener af hierheen gebring is. Die seuntjie van Tjaart Steyn was die eerste van my bekendes van Wepener, wat oorlede is. Hoe treurig was die gesin tog nie met sy heengaan nie dog hulle het nie geweet van hoeveel dierbares hul nog hier afskeid sal moet neem nie. Nie lank nadat die seuntjie oorlede is nie, het hulle hul moeder verloor en 'n klein rukkie daarna ook hul vader en na hom hul suster, die seuntjie se moeder. O, dit is so droewig om aan al die ontslapenes te dink.

Ek wil nog iets wat op die 1ste Februarie gebeur het en wat ek nie wil vergeet nie, nou eers neerskryf.


Dié aand gaan ek na een van my vriende, ag, maar hoe onaangenaam vind ek tog nie hul geselskap nie! Dit was net 'n stryery en ek moes hard slaan om my geliefde Afrikaanse vriende te verdedig. Om te hoor wat van die burgers wat nog vir ons vryheid veg, gesê word! Ek sal nooit vergeet wat die slegte vrou en haar dogter van die nog vegtende burgers gesê het en nog minder wat hul van die krysgesvangenes in Ceylon te sê gehad het. Ek was so woedend dat ek die nag nooit geslaap het nie. Ek besef dat ek nie meer die moeilikhede waarmee ons hier in die kamp te doen kry, kan dra nie.

Die volgende aand ruil ek 'n besem wat van besemgoed gemaak is, van 'n seuntjie. Ek wou daarmee vee, maar ek het nie gedink dat ek so ver daarmee sou vee nie !

Op die 3de Februarie, vroeg in die oggend, hoor ek 'n geraas agter die tent. Ek staan dadelik op en gaan uit om uit te vind wat gaande was. Daar sien ek die lelike ou Claasen staan en hy raas met my suster oor die besem. Sy was al so kwaad dat haar oë geblink het. Ek vertel hom gou dat ek die besem van 'n seuntjie geruil het. Maar hy sê ek kan nie op die bewering staatmaak nie en hy skryf ons tent se nommer op. Ons het hom egter die waarheid vertel en hom goed sleg gesê. Daarna hom hy ons in kennis stel dat ons om half-nege voor die Kommandant moet verskyn. Ek was baie in my skik daarvoor want ek sou 'n geleentheid hê om my hart weer 'n bietjie af te koel.

Maar kyk, hoe jammer was ek nie! Ons tent se nommer word afgelees maar net toe ek my voet in die deur sit, sê hy dat ek nie in die berg die besem gaan haal het nie maar dat ek dit van 'n seuntjie geruil het, waarop die man aan hom vra waarom my tent se nommer dan daar opgeskryf is. Ek moes dus omdraai voordat ek my gemoed kon lug. Ek het gesê ek is jammer maar hulle het nie gevra waarom nie!

Die 5de Februarie word ou Claasen siek, so ernstig dat hy na die hospitaal moes gaan. Nou kan ons tog te lekker besems in die berg gaan haal en nog takke ook! Hy lê mos nou in die tent en kan nie



Een van die winkels in die Bethulie-kamp.

„Toen kom hier 5 winkels daar in was alles wat ons nodig het.” [p. 90.

meer die besemgoed oppas nie. So gaan dit in hierdie kamp, woede en droefheid wissel mekaar gedurigdeur af.

Die 6de Februarie was weer die sterfdag van Annie Naude.

Die 11de Februarie was 'n stil Sondag en terwyl ons in die tent sit, hoor ons 'n geweldige geraas. Ons kyk onder deur die tent en sien net Khakies en Bantoes jaag. Ons was so bly daaroor. Daarna merk ons ook die beeswagter wat asvaal van die skrik uit die sloot agter die tent kom. Hy word mooi gevra wat daar dan gebeur het, en hy vertel dat die Boere al die beeste en die bokke gevat het.

Ek sê niks, maar in my hart het ek gejuig want sy mond was mos altyd so groot as 'n mens net 'n bietjie nat mis wil optel.

Dit is nou baie droog hier by Bethulie. Ons moet vêr stap om water waarin ons kon was, te kry. Maar op die 12de Februarie begin dit te reën en ook op die 13de Februarie het dit nog meer gereën en ons tent het ook omgewaai. My jongste sustertjie was amper dood maar teen die aand was alles weer in orde en die volgende dag was sy ook weer gesond.

Die oggend hoor ons weer: Op vir Lemoensap. Ek sê: „O, wag, laat ek gaan kyk hoeveel ons vanoggend sal ontvang.” O, nee, wag, die eerste keer wat ons lemoensap ontvang het, was dit vier lepelsvol en die derde keer ontvang ons 'n bottelvol! Maar ons het 'n ander opsigter en hy is tog vir 'n mens jammer. Ou Dear het ons mos net soos honde behandel. Ons kan nou nie kla soverre dit die kos aangaan nie. Maar hierdie tegemoetkominge is nie eens die helfte van die verdriet wat ek verduur weens my onuitspreeklike verlange na my broers wat so vêr van ons verwyder is nie. In die afgelope maande het ons geen briewe van hulle ontvang nie. Selfs my jongste broertjie is as krygsgevangene oorsee gestuur. O, ons weet nie eens of my dierbare broers wat so vêr weggestuur is, nog leef nie. Mag die Here hul tog spaar sodat hul weer terug mag keer !

17de Februarie. Vandag bring weereens vir ons soete herinneringe want dit is vandag net 'n jaar sedert ons van my broers moes afskeid neem.

Verder was daar nog altyd in die Kamp nie 'n winkel en 'n mens kon niks te kope kry nie. Veral gedurende Augustus en September moes ons so sukkel. Maar nou, in Januarie kry ons 'n ander Kommandant en hier word nou vyf winkels opgerig en ons kan alles wat ons nodig het hier koop. By ons was die geld egter skaars sodat ons dikwels vir ander mense hul wasgoed moes was en stryk om geld te verdien om vir ons skoene te koop.

Ons was reeds vanaf die 23ste April tot die 6de Desember in die Kamp toe ons vir die eerste keer klere ontvang het en dan ook nie eens soveel dat daar in almal se behoeftes voorsien kon word nie en nadat die klere vir die eerste keer gewas is, was dit asvaal

verbleik. Ons het dit ook ontvang eers na ons behoeftes ses keer opgeskryf was en so het dit ook met die skoene wat ons nodig het, gegaan.

Op die 22ste Februarie ontvang ons vir die eerste keer leer en sool vir twee paar skoene. Vanaf die 28ste April tot die 22ste Februarie het ons slegs dié stukkie leer en sool vir skoene ontvang en nou is ons tent se nommer weer opgeskryf vir klere. Ons is vier mense en ons het vier jaarts flennie, 'n stukkie ongebleikte linne en twee paar kouse ontvang.

So duur die lewe maar voort in die Kamp. Op die 22ste Februarie ontvang ons ook twee planke vir 'n bed. O, dit is onvergeetlik hoe dit al met ons in hierdie kamp gegaan het, en die swaarste is nog vir my om te aanskou hoe sekere van ons Afrikaanse meisies met die vuil troepe omgaan.

O, ek voel nou nog hartseer as ek aan die gebeure van gister, die 21ste Februarie, dink! Ons het weereens ons wasgoed in die spruit gewas en moes sien dat van ons bekende vriendinne, naamlik twee meisies, Kruger en Botha na die Kahkie loop. Hy het een van hul om die lyf gevat en, o, ons kan byna nie daaraan dink nie!

Op die 23ste Februarie, in die aand, was hier 'n verskriklike weer. Ons het in die begin gedink die tente sou nooit in die groot storm staande bly nie. Maar deur die goedheid van die Here het dit tog goed gegaan. In die blok tente onderkant ons was dit egter treurig gesteld, want die water het deur die tente gespoel,

Die volgende oggend was dit 'n treurige gesig om te sien hoe die arme vrouens sukkel om hul tente weer reg en skoon te maak.

Die 24ste Februarie het ons vir ons tent 'n vloer ingesit sodat dit nie meer vir my nodig sou wees om op my knieë in die tent rond te kruip om dit netjies en skoon te hou nie, „en die selfde aand was dit met de grootste wonder om weder op een katel te slaap.” Die beddens moes ons op eie koste laat maak het en dan kon ons dit gebruik solank as wat ons in die Kamp was.

Op die 25ste Februarie word hier in die blok druiwe uitgedeel. Dit het baie lekker gesmaak. Dit was die eerste vrugte wat ons hier in die Kamp verniet gekry het — die bord druiwe van die 25ste Februarie. My moeder het wel drie keer vir ons vrugte gekoop, 14 tot 16 perskes vir 'n sikspens.

Maar wat gebeur nou weer op die 27ste Februarie! In die oggend moes ons ons name gaan teken sodat ons ons dokter kon behou. Ons weier egter om ons name te teken tensy ons korporaal eers aan ons verduidelik waarvoor dit geteken moet word. Toe teken ons eers, want dit was elke „blou dag ze werk om met een lys ront te loop.” Ons het nog nie op een lys ons name geteken nie behalwe nou op hierdie een, om ons dokter te behou.

Dit is met grote dankbaarheid dat ek hier skryf dat daar vanaf die oggend van die 19de Februarie tot op die 27ste Februarie geen sterfgevalle was nie. Op laasgenoemde oggend is die vrou van Rudolph du Plessis oorlede.

Gedurende Februarie word hier 'n draad kamp opgerig. Almal wat nie die Engelse se wette wil gehoorsaam nie moet daarin geplaas word. Spoedig was daar dan ook drie tente in die draad kamp, maar dit was weens slegte gedrag dat die mense daarin gesit is.

Op die 2de Maart, 'n Saterdagand, gaan 'n klompie vrouens en kinders in die berg hout haal. Ons het vir 'n paar weke die reg gehad om hout te gaan haal. Maar op die 2de Maart was daar 'n baie harde knal agter die berg en hulle het skrikkerig begin word. Daar jaag die polisie, ene Cloete, nou met sy perd om die vrouens en kinders asook die paar mans wat by hulle was, te gaan vang. Ou Claasen was nou ook weer gesond en hy moet nou die mense voorkeer sodat hulle bymekaar gekry kon word om hulle na die kantoor te bring. So kom Cloete met die vrouens en kinders en die paar mans van die kamp na die Kommandant. Daar word hulle hard aangespreek en hulle moes eintlik in die draadkamp geplaas gewees het maar omdat dit hul eerste oortreding was, is hulle vrygelaat. Maar nie een van hulle was toegelaat om 'n woord te sê nie. Hulle moes die vonnis so staan en aanhoor. Ek was nie teenwoordig nie maar ek moes sê: „Hoelank sal die vyand ons nog hul wrede trotsheid in ons droefheid toon?”

Wanneer daar so 'n gebeurtenis in die kamp plaasvind dan staan al die mense altyd voor hul tente en raas en wense wens op die polisie en op ou Claasen dat dit so dreun.

Die 4de Maart. O, dit is vir my so 'n treurige dag, want dit is die verjaarsdag van my jongste broertjie. As ek dink hoe vêr hy van ons af is, dan is die aarde vir my te klein, want hy is in St. Helena en ons is hier in die Kamp op Bethulie. Dit is vandag ook byna 'n maand sedert ons laas van hom 'n brief ontvang het. Ons het tog nog van hom 'n brief ontvang maar van my oudste broer het ons nog niks gehoor nie. O, ons beleef droewige dae in hierdie Kamp wat genoem word Bethulie Kamp en hier vind nog vele dinge plaas wat onbeskryflik is en dan ook nog veel ander waarvan mens nie hoor nie.

Dinsdag. 'n Baie stil dag. Die lug is met swaar wolke bedek. O, 'n onvergeetlike dag!

Op dieselfde dag, die 4de Maart, word daar weer wette aan ons voorgelees. Ons word vertel hoe ons in die tente moet boer, daar moet nie 'n druppel vuil water voor die tente uitgegooi word nie en nog veel ander sake, „dien die boek te klein voor is om op te skryf.”



Staanste (van l. na r.): Onbekend, onbekend, Mieta Venter, Mej. Kingsley (eienares van die tafelkleedjie op die portret) en Hester van der Walt (suster van die skryfster.)

Sittende (van l. na r.): Sina Kotzé, Lil Engelbrecht (eienares van die hondjie), Rensche van der Walt (skryfster), Ella Venter en Aletta van der Walt.

“De 6 Mev laat ons toen afneem. Ons was tien dames by elkander. Om die portret te hou voor een gedachtenes van de Camp te Bethule” [p 103].

Op die 5de Maart hoor ons dat hier iemand in die nag in die Kamp rondloop, en dat hy ook in die tente snuffel. Hy sou sy gesig met 'n wit doek toebind. Ek wou dit nie glo nie, want daar word soveel leuens hier in die kamp vertel. Dog die nag van die 6de Maart word dit opgeklaar. Ons kon die nag nie slaap nie, want daar word aanhoudend gefluit en geskree. Omtrent dertig man loop in die kamp rond op soek na die kwaaddoeners. Om tien-uur die aand is een, naamlik Karel Becker, al gevang en kort daarna word Tom Meintjies en Coertse ook gevang maar die ander een het weggehardloop. Die wat gevang is, is na die tronk in Bethulie geneem.

Op die 7de Maart keer Coertse terug want hy is as onskuldig ontslaan, maar die ander twee het agtergebly. Hulle is later uit die tronk gelaat en in die krysgevangenkamp geplaas.

16de Maart 1902. Nou dink ek weer terug aan die afgelope jaar, 1901. Op die 16de Maart het die Engelse ons goed gevat. Hoe treurig het ons nie die dag gevoel nie. Die plaas was te leeg. Om twaalf-uur het my broer vir ons uit die kommando 'n rukkie kom kuier. Dit was 'n uur van blye weerontmoeting en nog meer, dieselfde dag om vier-uur kom my swaer, wie ons 'n jaar lank nie gesien het nie, ook vir ons kuier. Dit was toe nog al wat ons verlang het. En nou op die 16de Maart 1902 — wat kan ek hier skryf van hierdie dag? Ons weet nie eens waar my twee jongste broers is nie, al wat ons weet is dat hul as bannelinge oorsee gestuur is. Ons het tog gehoor dat die jongste in St. Helena is, maar verder hoor ons niks en hier sit ons, vassekeer in die Kamp! Ons mag nie eers meer na die naaste heuwel loop nie, alhoewel dit nie eens vier-honderd tree van die Kamp af is nie. Ons sien die groen bome, dit is vol vrugte hier in Bethulie en ons sit in ons ou ronde seil tentjies wat deur die wind so heen-en-weer geruik word, dit klap en slaan oor en teen ons koppe. As ek na die veld kyk, dan juig dit so groen is dit. Kyk ek na die Kamp dan sien ek party mense wat tog so vrolik is, dit lag en speel en hardloop. Ek dink dan, hoe is my hart dan tog dat ek nooit so vrolik kan wees nie? My hart is altyd seer omdat ons so vër van mekaar verwyderd is. Ek moet erken dat die dierbare woord van die Here nou volbring word, maar tog vind ek veel troos daarin.

Ek word dikwels so woedend dat ek daarna weer daaronder moet ly, maar dit is my las en ek moet dit dra.

31 Maart 1902. Vele van ons besluit om uit die Kamp na Groot-rivier te stap, om daar in stilte te oordink. Maar ons rus word so versteur dat ons vroeg in die middag weer na die Kamp terugkeer.

Op die 1 ste April word ons gelas om weer ons goed uit die tente te neem. Ons het nie geweet waarom dit gedoen moet word nie, want dit

was ons gewoonte om elke agt dae die goed uit die tente te dra sodat die tente geïnspekteer kan word. Ons neem aan dat hier weer nuwe inspekteurs opgedaag het en dat hul die kamp wil sien. Alles word vroeg uitgedra en reggemaak en die oggend om nege-uur kom die korporaal en polisie ons goed deursnuffel. Ons hoor dat die regering se boer se kop weg is en hulle was die mening toegedaan dat van ons mense dit gesteel het, daarom word ons goed nou deurgesoek. Is dit nie 'n belediging nie? Dit bewys net wat hulle van ons dink.

„Maar die hem self verneder zal verhoog worden. God weder staan de hoogvaardigen maar die nedriggen geef hy genade.”

Was ek nie bly toe ek hoor by wie dit gevind is nie!

Ons dink nou ook weer aan die treurige dae toe ons gevange-geneem was. Dit is reeds vandag 'n jaar gelede.

Op die 16de April 1902 word daar weer van die mense weggestuur. Ons is nou weer net so beangst as met ons vangengeneming, want ons weet nou ook nie waarheen ons nou weer gestuur word nie

21ste April 1902. Die eerste mense word vandag uit die kamp weggestuur. O, dit is weer 'n droewige dag, hoeveel angstige tranes val daar nie weer vandag nie! Die mense sal eers by die stasie kan verneem waarheen hulle moet gaan. Ons verstaan hulle word na die kus gestuur.

Ons is tot hier toe gespaar deur die wil van ons liewe Here. Die mense vertrek so tot die 25ste April. Die 23ste April was weereens 'n dag van skeiding want dit was die sterfdag van Johanna Coetzee, die vrou van Louis Coetzee.

Die 3de Mei ontvang ons ook weer 'n treurige berig, naamlik dat die seun van wyle Chrisjan Venter, Piet Venter, oorlede is op die see. O, hoe onvergeetlik is dit om te dink dat sy graf in die diep water moes wees! Maar ons kan nie daarteen murmureer nie, want dit is die Wil van die Here en dit is tog nie vir ewig nie. Dit is die troos oor ons ontslapenes wat aan ons hier op aarde gegee is.

Mei, 1902.

Die 6de Mei 1902 laat ons ons afneem. Ons was tien dames byme-kaar en ons wou die portret hou as 'n aandenking aan die Kamp te Bethulie.

Dit is 'n baie stil dag. Ons verwag nie meer dat daar nog mense weggestuur sal word nie, want daar is reeds 'n duisend mense na Uitenhage gestuur.

Maar dit was tog nie die geval nie want op die 8ste Mei kom daar 'n man na ons tent en hy vra aan my moeder of sy ook na die nuwe kamp wil gaan. Sy antwoord hom dat sy nie wil kies nie en dat sy niks wou sê nie. Hy skryf haar naam op en ook haar ouderdom en stap verder sonder om nog iets aan ons te sê.

Op die 13de Mei in die middag word ons gelas om ons kos vir die reis te gaan ontvang. O, hoe treurig was dit vir my om te dink dat ek al my bloedverwante moes agterlaat! My hart was so vas aan my suster en haar drie kindertjies wat ook moes agterbly. My moeder keer eindelijk terug met die kos. Daar was vier blikkies bief, 25 pond meel, 'n blikkie konfyt, 'n bord vet en 2 pond suiker. Dit was ons kos vir drie dae.

Ons moes nou klaarmaak om te vertrek maar ons weet nie waarheen nie. My suster gaan vra of sy nie maar met ons kon saamgaan nie, sy het gesê sy was bekommerd omdat haar moeder alleen moes gaan. Die Kommandant deel haar mee dat sy eers moet wag, want die mense moet eers deur die dokter ondersoek word en as die dokter van mening is dat van die mense nie kon weggestuur word nie, dan kan sy gaan. So gaan ons dié middag na die dokter, maar almal was wel en dit was dus nie vir haar moontlik om saam met ons te gaan nie.

Die 14de Mei om drie-uur in die middag vertrek ons uit Bethueliekamp. Ons het mekaar belowe dat ons nie sou huil as ons afskeid moes neem nie. O, maar wie kan die verbitterde hartseer wat ons verduur, beskryf? Ons wa vertrek en my suster se jongste dogtertjie wat nog net twee jaar oud was begin so treurig te huil, „toen kan de harten niet mee stoppen die zoo over stroomen van tranen was.”

Ons gesin het bestaan uit my moeder met haar drie dogters en my tante, Adriana met haar 4 kinders en my tante Annie, met haar dogter. So vertrek ons op die een wa.

Die familieleden wat agtergebly het was my suster met haar drie kindertjies, haar skoonsuster met haar twee kindertjies, my tante en haar dogter en my suster se seuntjie wat by haar was, en verder my oom en tante.

Ons moes nie net van ons familie afskeid neem nie, maar ook van al ons dierbare vriende. Dit was ook weer die eerste keer wat ons op 'n voertuig geklim het om êrens heen te ry gedurende die jaar en drie maande wat ons in die Kamp was. Ons ry tot by die stasie met die wa. Daar moet ons ons goed wat ons by ons wou hou, aflaai. Die ander word op 'n ander spoorwegwa gelaai.

By die stasie was daar tente waarin ons die nag moes slaap, maar dit was so vol dat ons buite geslaap het. Ons het nooit die nag geslaap nie, want hul het so geraas dat ons nie kon slaap nie en ons was ook so onrustig. Daar het wel baie mense by ons buite geslaap, die beddens was so te sê teenmekaar. Ons verneem hier dat ons Kabusie-toe moet gaan en dat ons deur 'n tunnel moet ry. Die angstige gedagtes oor ons onbekende weg het ons almal so droewig gestem. Ek kon nie langer die droefheid en angs verduur nie.

Die 15de Mei moes ons ons goed tot by die stasie se hek dra. My hart was so seer, ek was nie in staat om met die mense rondom my te praat nie en die mense raas so daar waar hulle by die hek bymekaar staan. Daar was vyfhonderd bymekaar!

Daar kom weer 'n paar dames uit die Kamp om ons te kom besoek. Daar was 'n welbekende vriendin van my ook by hulle en ek het met haar vir my suster laat weet dat dit nog goed met ons gaan.

Hulle begin nou ons name aflees. Elke huisgesin moet dan by die hek in gaan en vandaar na die perron. Daar moet die dokter hul weer ondersoek en al die mense wat deur hom gesien is, moet dan gaan sit, in klompies van twee-en-twintig. Dit is die mense wat volgens hul berekening in een spoorwegwa kon reis.

Ons moes hier sit totdat die spoorwegwaens waarin ons moes ry eindelijk sou opdaag. Dit was reeds 3-uur in die middag. Ons was so moeg dat ons soos 'n trop skape daar gewag het en ons was ook so stom soos skape, want ons het nie geweet waarheen hulle ons gaan neem nie. Ons sit maar so net soos diere wat nie verstand het nie.

So sit ons daar die aankoms van die trein met skrik en bewing en afwag. Om vyf-uur kom dit, 'n klomp spoorwegwaens en 'n eetsalon, daar om die randjie.

Die deure word oopgeruk dat dit so dreun. Ons name word weer afgelees sodat daar twee-en-twintig mense in elke wa sou reis. O, hoe benoud is dit nie in die spoorwegwa nie! Dit is met kalk afgewit en al die deure word toegemaak. Daar is nou maar net twee klein venstertjies wat oop is en ons voel of ons wil versmoor. Die bittere benoude dag sal ek nooit vergeet nie. Daar vertrek die trein. Ons voel asof ons nie kan lewe nie so raas die ou waens, „zoo als duizend kleppers wat van een blek berg af rol.”

O, maar die droefheid toe ons oor Grootrivier gaan! Ons sou die kamp en ons dierbare Vrystaat nie weer sien nie. Ek het net so gevoel toe ons die dag van die plaas af weg is.

Die aand was ons op Burgersdorp. Dit was mooi om die dorp te sien. Dit was ook al troos wat ons gehad het, naamlik dat ons nou darem die land kon sien. Dit was reeds donker toe ons op Burgersdorp aankom. Hier word die deure vir ons 'n rukkie oopgemaak. Ek het net soos 'n hoender wat uit die hok kom, gevoel. Ek kon nie wag nie, maar spring van die wa af en gaan na die lokomotief om kookwater vir koffie te kry.

Dan sê hulle nog as ons kla oor die wa so benoud is omdat dit met kalk afgewit is, dat dit gesond is! Maar op daardie bewering het ons hulle 'n hele paar goeie woorde toegevoeg.

Voor die trein vertrek kom maak hulle die deure weer eens toe.

Ek probeer om te slaap dog ek slaap maar weinig en so ook al die ander mense, want die trein raas te veel. Ons is egter so moeg dat ons nie kan wakker bly nie en as die trein stilhou dan slaap ons 'n bietjie. Ons dink nie eens gedurende die nag aan die vreeslike berge waaroor ons moet ry nie, want ons is tog te moeg

Die 16de Mei, vroeg in die oggend, kom ons by Molteno aan. Sodra die wa se deure oopgemaak word, spring ons af en stap weer na die lokomotief om kookwater vir koffie te kry.

Vandaar gaan dit baie beter, want nou het hul een van die wa se deure vir ons oopgelaat. Ons was so bly want ons wou graag die land sien.


Ons ry nog so dan sien ons dit word skielik donker. Ons merk dat ons deur rante waar die spoor uitgekap is, reis en nie een keer nie maar vele, kan ek onthou het ons op die berge langs gery sodat ons weerskante kon afkyk. O, die donkere afgronde sal ek nooit vergeet nie! Maar ek dink ook daaraan dat as ek lewe ek tog weer langs hierdie selfde weg terug sal moet keer. O, maar al is dit ook so gevaarlik sou ek, as ek dit kon verkry, op hierdie oomblik liever weer terugkeer na my eie land. Ons is slegs sewe dae vandag hier, en nog kan ek nie die minute opgeruimd wees nie. Dit voel nog altyd vir my of daar 'n wond aan my hart is.

Die 17de Mei reis ons nog die hele dag per trein nog steeds oor donker afgronde. Die middag kom ons by Queenstown aan, maar daar was niks wat my aandag getrek het nie. Die aand toe ons so 'n entjie uit Queenstown is, hou hulle 'n rukkjie stil en ons kon 'n bietjie afklim en rondstap, maar nie te lank nie, „toen moet ons weder in de trokzen en daar gaat Afrukaners ze kenners achtervoors Kubusie toe.”

Die nag om elf-uur gaan ons deur 'n groot berg maar ek kan nooit beskryf hoe aardig dit was nie. Terwyl ons met die nou paadjie deur die berg ry, fluit die trein aaneen. Dit is vir my onvergeetlik — dit was die tunnel waarvan hulle ons vertel het. „Al was dit toen niet een tondel maar hy was darm naar genoeg.”

Op 18 Mei was ons in Kabusie. Ons moes van die stasie na die kamp, ongeveer vyf minute se stap, loop. By die kamp moes ons oor 'n bruggie loop. Aan die anderkant sit 'n man by 'n tafeltjie en elkeen wat by hom verby gaan, moet aan hom die naam van sy of haar moeder of die naam van die hoof van die gesin verstrekk. Vyf of ses bymekaar. Ons weet nou nie wat om te doen nie, want ons was maar vier. Maar ons beraam gou 'n plan: My tante, Annie van der Walt en haar dogter sluit by ons aan en ons was nou ook ses. Ons word dus deurgelaat en ontvang 'n kaartjie vir 'n kamer.

So neem ons ons intrek in die vreemde kamp. Ons sien net lang sink huise en ook wit huise. In die kamp kom een van die ver-



Die konsentrasiekamp te Kabusie

*„Zoo gaan ons toen de vreemde Camp in. On zien het lang
zink huizen en wit huizen.” [p. 113*

pleegsters na ons en sy neem ons na die kamer waarin ons moes bly

Ons is nou in 'n kamer met groot vensters en 'n plank vloer. O, maar ek wil maar liever my ou tentjie hê. Onwillekeurig dink ek weer daaraan hoe dit met ons die dag by Bethulie met ons intrek in die kamp aldaar gegaan het en hoe ons moes sukkel om dit reg te kry. Maar dit was tog nog in ons eie land en ook by my suster, al moes ek toe ook met 'n glasstuk die gras uitkrap. Hier is alles baie gerieflik. Nou moet ons in kamers was. Al is dit ook hoe gerieflik, beteken dit vir my niks, want my hart is nie hier nie. O, die treurigheid van die verre, verre land!

19de Mei was Sondag. Dit is treurig en stil. Die 20ste Mei is dit ook maar stil, en ons ontvang weer kos. So leef ons voort.

Op die 24ste Mei kom hier weer 500 mense van Kroonstad aan. O, hier is toe ook nog mense van ons soort by hulle, mense wat nog op die ou pad wandel en nog nie afgedwaal het nie, maar daar is ook genoeg van die ander soort.

Maar ons kry geen nuus nie. Ons weet en hoor nie waarom ons hierheen gestuur is nie, maar die Engelse kommandant hier het belowe om vir ons goed te wees.

Hier is soveel planke en ek dink nou weer aan die dae toe ons dierbares wat so in die Kamp te Bethulie gesterf het, en die dae van ou Dear, hoe ons moes soebat om 'n kas te kry om 'n kis daarvan te maak vir ons ontslapenes wat so in komberse begrawe moes word, en dat ons nie eens 'n kas kon kry nie. As ons tog maar die helfte van die planke wat hier so gemors word, daar gehad het!

O, ons sal nooit vergeet as ons by die tente kom waarin die lyke gehou was, dat daar van tien tot vyftien lyke gelê het nie, veral dié van klein kindertjies. Dan het ek altyd gedink aan wat die Here Jesus van die kindertjies gesê het.

Ons sal die dae van Augustus en September van 1901 nooit vergeet nie. Ook nie Oktober, November en Desember nie. In hierdie maande was ons meer dood as lewendig. Ons sien nou nog die menigte lyke wat elke môre en elke middag begrawe is, en al die kindertjies wat jonger as sewe jaar was, so maer, uitgeteer, net vel en been en dan maak hul nog ernstige siektes deur. Ek dink ook nog daaraan hoe ons my suster se kindertjies in 'n waentjie gesit het en hul uitgestoot het uit die benoude Kamp. As die son so warm is dat ons dit nie in die Kamp kon uithou nie, dan gaan slaan ons daar op die randjie 'n kombers op en sit daaronder waar dit dan baie koeler is as in die Kamp. Ons het dan daar gebly, ek en my twee susters wat jonger is as ek en my suster se drie kindertjies. In die middag keer ons weer terug na die tent. Ons het ook brood saamgeneem om in die veld te eet en dan het ons ook uintjies en brakvye uitgegrawe om te eet, in daardie tyd het ons maar net van brood gelewe. Die vleis wat ons toe gekry het, kan ek nie van melding maak nie, want ek kon

nooit verstaan waarom dit so blou of geel was nie en dan kan 'n mens dit kook van die môre tot die aand, maar dit bly taai en waterig. So het ons gely en moes ons nog daagliks van ons dierbares deur die dood verloor.

Op die 4de Desember het die inspekteur daar opgedaag. Hy het die siek mense se tente laat verwyder en ou Dear weggestuur want hy het geen medelye met ons gehad nie. Hy het mos gespog as die mense so sterf en gesê dat hy beter in die Kamp veg as die Engelse daarbuite. Ek het niks gesê nie, maar ek het gedink : God laat hom nie bespot nie.

Sodra die kamp groter gemaak was het die siektes ook begin afneem deur die goedheid van die Here. So sterf daar steeds minder en minder mense, sodat daar later net in die middag begrafnis gehou was, maar daar was nog altyd lyke in die tente sodat dit nie verskuif kon word nie.

Op die 22ste Januarie word daar weer vier lyke begrawe en daar bly daarna geen lyke in die tente oor nie. O, ek was so dankbaar. Die siekes verminder ook in die hospitale sodat daar net drie mense per dag begrawe word.

Die 19de Februarie was daar net een begrafnis en gedurende die agt dae wat daarop gevolg het, was daar geen sterfgevälle nie. Dit was eintlik vir ons vreemd. Al die maer kindertjies was teen daardie tyd ook darem weer vet. Daardie dae was vir ons werklik dae van dankbaarheid.³⁾

So was ons maar tevrede al is ons so vër uit ons land weg gestuur.

Op die 2de Junie gaan my tante en my suster na die winkel om die nodige goedere vir ons te koop. Met hulle terugkeer ontmoet hulle een van die inwoners van Kubusie. Sy vra aan hulle of hulle gehoor het dat daar vrede gesluit was, maar hulle antwoord haar dat hulle dit nie glo nie. Waarop sy verontwaardig uitroep dat sy hulle die goeie nuus meedeel omdat sy hulle so jammer kry en nou weier hulle om haar te glo. Hulle vertel dit ook aan ons maar ons het dit ook nie geglo nie. Die volgende oggend word 'n kind in die Kamp rondgestuur om aan ons die boodskap te bring dat ons om 10-uur almal by die kantoor moet wees. Ek was maar weer te wagte dat daar weer wette aan ons voorgelees gaan word, dog in my hart het ek iets anders verwag.

Op die 3de Junie staan daar nou ook 'n groot menigte vroumense en ook 'n paar mans voor die kantoor te Kubusie. Ons is almal so nuuskierig om te hoor wat aan ons voorgelees gaan word. Eers word ons pos aan ons oorhandig. Ek ontvang ook twee briewe en ek was so bly om te hoor dat dit met die agterblywendes nog goed gaan.

3) In die dagboek word teruggegryp na haar ervaringe in die Bethulie-kamp.

Hierna kom mnr. Van As uit die kantoor. Hy hou 'n groot vel papier in sy hand vas. Hy lees eers die name van 'n paar mense uit wat nie deur hulle gevind kon word nie. Maar hulle was nie by ons nie.

Vervolgens deel hy ons mee dat die Kommandant hom versoek het om aan ons iets voor te lees, want die Kommandant is ons taal nie magtig nie. Hy begin aan ons voorlees dat die lang verwagte dag van vrede nou aangebreek het. Op die 31ste Mei 1902, Saterdag-nag om 12-uur is die voorwaardes geteken. Terwyl hy dit voorlees hoor 'n mens net die vrouens in stilte snik en sien ons heldere trane in hul oë wat straal van blydskap.

Nadat hy alles afgelees het, sê mnr. Van As dat die Kommandant gesê het dat hy dink dat almal die dag as 'n feesdag moes hou. Aangesien ons so ver van 'n dorp af was, nooi hy ons uit om die aand bo-op die heuwel 'n groot vuur aan te steek en hy vra ook dat almal wat so voel, hout daarvoor moes saambring, „voor een gedachtenis om de lich groot te krygen.”

Hierna en voordat ons uit mekaar gaan, sing ons Psalm 134:3, 100:4 en 146:1-3, en terwyl ons van die kantoor af wegstap, sing ons Psalm 84.

Daardie aand teen sonder stap ons almal die heuwel uit, nie een van ons sonder 'n stukkie hout nie. Dit het my so aan die Israëliete laat dink, veral as ek die kindertjies so aanskou. Die Kommandant deel ons mee dat hy nie die hout aan die brand sal steek voor sewe-uur nie, maar die tyd het gou omgegaan.

Die menigte vrouens en die paar mans het almal bymekaar, langs die hoog opgestapelde hout gestaan, en ons het Psalms gesange en geestelike liedere gesing, totdat die tyd aangebreek het. Maar die Kommandant moes 'n hele rukkie wag totdat ons klaar gesing het. Die mense meen dat hy dit moeilik sou vind om die dik stompe aan die brand te steek waarop ek antwoord: „Nee, hele is geleert brant voor de laaste twee jaar.”

Dit duur ook nie lank nie of die groot stapel hout is aan die brand en dit verlig die hele omgewing. Ons staan nou almal nog aan die een kant van die vuur en die Kommandant versoek ons om rondom die vuur te staan of te sit, en om nog psalms te sing. Maar dit wou die Afrikaners nie doen nie.

Hy deel ons verder mee dat as ons aan sy versoek sal voldoen, dan kan ons ons Volkslied ook sing, maar ons weier nog steeds om dit te doen. Ons bly net so staan en sing eers ons Volkslied, daarna die Transvaalse Volkslied en ook die Vierkleur en die Oorlogslied. „Daarna heef hele dooje meziek gespeel, genoem gremevon” en ons het terug gekeer huis-toe.

Die 4de Junie verneem ons dat nadat ons weg is, het die Kommandant en die Engelse verpleegsters wat daar by was, hul volks-

lied gesing. Maar daar was van die jingoes by hulle en hulle begin die volkslied vir die Engelse sing. Maar die Engelse het hierdeur so gesteurd gevoel dat hulle nie eens gesing het nie. Daarop vra die Kommandant die Korporaal om aan hulle te sê dat hy baie gesteurd voel. „Hy weet niet of zy hem daarmee wil ge-eerd heef maar hy wil hem zeggen dat hy niets van een boere meisje dink wat een engels liet zing. Want Boer is Boer en Engelsman is Engelsman.”

So is die persone wie dit ook al mag wees, mooi bedank vir hul sing van die Engelse volkslied, en vir die eer wat hulle aan die Kommandant wou bewys, want hulle wou nie met ons ons Volkslied saam gesing het nie.

Die 8ste Junie word ons weer gelas om om twee-uur by die Kommandant se huis te wees, almal groot en klein.

Ons gaan daarheen maar ek kan nie beskryf hoe treurig ek in my hart gevoel het nie. Ek weet nie wat verkeerd was nie, maar ek kon beswaarlik tot daar loop.

Eindelik is ons by sy huis. Die stoep is hoog, seker so agt of nege voet en op die stoep staan al die Engelse bymekaar, omtrent vyftien mans en meisies en die Boere staan voor die stoep, 'n groot skare.

Hulle begin nou aan ons voorlees hoe die vrede gesluit is. Al ons hoofde se name word afgelees, ook president Steyn. Hulle het almal oorgegee en het belowe om aan die grote Koning van Engeland eerbiedig en onderdanig te wees. Ons besef nou dat dit nooit 'n vredesluiting was nie, maar 'n algehele oorgawe. Terwyl dit afgelees word kon mens sien hoe die mense gesigte trek en daar was ook heelwat aanmerkings.

Ek kan nie onthou waarheen ek was nie, maar met my terugkeer staan ek sommer met my rug na die huis. Dit was net asof ek gedroom het.

Die predikant was ook op die stoep en hy vra dat ons Gesang 68:17 moes sing maar slegs 'n paar mense het gesing. Dit was vir ons 'n smartlike uur. Die mense huil maar ek voel asof dit maar net 'n droom was.

So moes ons op die 8ste Junie tweevoudige smarte ondervind, want in die oggend het die begrafnis van die dogter van Van Aswegen plaasgevind. Maar ons vind spoedig troos in Gods dierbare woord.

Op die 9de Junie word twee feesdae gereël, maar ek was so siek dat ek nie eens Sondagoggend kerk-toe kon gaan nie. En my gemoed was so ontroer dat ek „byna geen stigten en de kerk heef.” Dit was ook die geval met almal wat met die aanhoor van die vredesvoorwaardes so ontroer was.

„En wat my hart zoo zeer gemaak heef, is toen hele vir ons voor lees dat ons Vrystaat nie meer genoem wort Vrystaat, maar

Oranjerevier Kolonie.” Transvaal sou egter sy naam behou. Dit het ons ook op die 8ste Junie gehoor, maar ek getuig nog dat ek dit nie kan glo nie. Want, het ek gedink, het ons dan nie goed en bloed, vir ons vryheid en vir ons reg geoffer nie? Die 12de Julie kom hier burgers by die Kamp aan en hulle deel ons mee dat ons dit nie verkry het nie, maar ek kan dit nog nie glo nie. As ek nog lewe wanneer ons in ons land terugkeer, en ek aanskou met my eie oë dat dit wel die geval is, dan sal ek nog hoop en glo dat dit nie so sal voortduur nie, maar dat daar weer verlossing sal kom. Op watter wyse dit ook al mag geskied.

Op 'n sekere dag ontmoet ek ook 'n sekere vriend wat ons altyd so woedend kon maak. Hy kom nou met die verwyf: „So, ons was mos altyd die hendsoppers, daar moes almal nou maar net so ‚gehendsop’ het. Maar hy kry gou die beledigende antwoord: „Dit is niet waar, Hele houw de naam van Burghers zolank als hele leef en jele die naam van Handsoppers so lank as jele leef. Veld burghers, zoo te zeegen staan vir hele land, en jele Camp leggers, zoo te zeg, vat maar my land. Ik zal maar nu toe kapok en later weer een gaan zoek. Ik dink hy sal na deze niet weder op zoo een manier zyn eer kom zoek.”

Ons was drie bymekaar, Rennē, Aletta en Hester en ons het mekaar altyd baie goed verstaan.

Op die 28ste Junie word alles mooi reggemaak en koek word gebak om die krooningsdag van die Koning te vier. Die baan waarop die kinders moes hardloop is in orde gestel. Langs die baan is wit vlaggies ingesteek. Vroeg in die oggend van die 26st Junie word die ban-

ke langs die baan geplaas en die vlag word gehys, maar voordat die vlag oopgetrek is, en omtrent 'n half-uur voordat hulle met hul vrolikheid sou begin, is alles doodstil. So word daar voorgelees dat alles insluitende die banke weggedra moet word en dat die vlaggies weer uitgetrek moet word. Alles is stil en „ons hoor toen dat de koek niet meer kroonkoek is, maar provaat. Zoo gaat dit, dan- kie.”

Die 29ste Junie was my verjaarsdag, 'n baie stil Sondag. Ek voel so hartseer as ek dink hoe droewig dit met ons gesteld is. Ek sit hier in 'n vreemde land, sonder 'n broer of vriend. Ek hoor maar net die aanhoudende gesing en gesuis van die wind so onder die ou groot sinkgebou deur. Die ou gebou is drie voet van die grond af.

4) Aletta Johanna van der Walt, (gebore 19 Sep. 1883) later getroud met Andries Johannes Venter van Treurkop, distrik Reddersburg. Haar eggenoot het haar in 1936 ontval en sy is op 22 Jan. 1953 in die ouderdom van 69 jaar oorlede. Uit die huwelik is agt kinders gebore.

So het ek my verjaarsdag stil deurgebring. In die aand het ek kerktoe gegaan en na 'n preek van ds. Van Niekerk geluister.

Die 3de Julie ontvang van die mense in die kamp 'n brief waarin hulle meegedeel is dat die mense van Simonstad al teruggekeer het. Ons was so dankbaar omdat die bannelinge al terug is.

Op die 6de Julie kom hier gevangenes van Simonstad in die Kamp aan om hulle gesinslede te kom besoek. Dit het ons innig verheug, want hier was nou al baie burgers en ook van die gevangenes.

Die 8ste Julie was reeds 'n dag van verlossing, want baie van die vrouens wat gevangeneem was, gaan terug na die Oranje Vrystaat. Hul was so dankbaar om terug te kon gaan dat 'n mens hulle nie eens hoor kla het nie, al het hulle nie geweet waarheen hulle moes gaan nie, want alles was so verbrand en verniel. Ook my tante wie by ons gewoon het, vertrek terug na die Vrystaat.

Op die 10de Julie was daar weer 'n ander ding in Engelsman se kop. Nou begin hulle die mense inent. Ek verwag nou moeilikheid, want ons weier om ons te laat inent. Met die aflees van die kennisgewing was een en almal se antwoord: Ons sal ons nie laat inent nie.

Die boonste huise word dié middag deur hul korporaal aangesê om in die middag na die spreekkamer van die dokter te gaan om ingeent te word. Die meeste van hulle gehoorsaam uit vrees die bevel, en slegs twee huisgesinne weier om daaraan gehoor te gee. Eindelik word ons ook aangesê om ons te laat inent, maar ek het gedink : „Engelsman, jy kan lang wach eer ik zal zelf aan loop dat hy moet my Dierbaar vel stukkend sny en zyn geef daarin blaas.” Maar die lieue Here het ons verlos sodat nie een van ons inge-ent is nie.

Ons lewenswyse is so treurig, want as die wind so sterk waai dan beweeg die hele ou sinkhuis wat so groot is dat dit nege kamers bevat. Ons verlaat egter die ou gebou op die 26ste Julie en neem ons intrek in 'n baksteenhuis wat tog vas op die aarde gebou is, en die kombuis is tog aan die huis. Dit bring darem verligting.

Op dieselfde dag word al die mense van Smithfield gelas om na die kantoer te gaan. Ek verwag dat ons nou goeie nuus sou kry, naamlik dat ons terug sal mag gaan, maar dit was maar net om vas te stel hoeveel mense van Smithfield daar nog in die Kamp was. Ons hoor verder niks van terugkeer nie. Dag en nag het ek vir myself geen rus meer nie. My hart is altyd seer as ek dink hoe ver ons uit ons land gestuur is, en „alles wat ik aanschouw stoor my hart tot verdriet.”

29 Julie ontvang ek 'n brief van my swaer uit Ceylon. Ek het gedink ek sou hom spoedig weer sien. Ek was so teleurgesteld, maar skep weer moed uit Gods dierbare woord, want die gevangenes moet tog eenmaal terugkom. So lees ons in Jesaja en ook in Jeremia

en in nog vele ander boeke van die profete. So vind ons altyd troos. Op die 31ste Julie gaan byna al ons bekendes terug wat saam met ons gekom het, asook ons on vergeetlike goeie bure, die Van As-gesin. Hulle het ons so dikwels gehelp met kos en klere toe dit met ons so treurig in die Kamp van Bethulie gegaan het.

Maar tog hoor ons in ons droefheid dat my broer van wie ons vir 'n geruime tyd nie gehoor het nie, in Bermuda was. Ons was so dankbaar om dit te verneem. Alhoewel hy so vër van ons was, kon ons tog nou in die hoop leef dat God hom sou spaar sodat ons hom weer kon sien. Dit was vir ons treurig om te dink dat albei my broers nog as bannelinge op die eilande vertoef het. My oudste broer was reeds terug. Ons besef hoe verheug hy moes gewees het toe hy sy dierbare eggenote en kindertjies weer ontmoet het, want daar was so vele wat al hul mense verloor het.

Op die 2de Augustus ontvang ons van my jongste broertjie 'n brief dat hy nog in St. Helena is, en dat hy nie die eed van getrouheid wou aflê nie. Ek was daarvoor meer verheug as wat ek sou gewees het as hy sou geskryf het dat hy wel die eed van getrouheid afgelê het.

„De 3 Augustes word de zelfde omstandigheid toen weder opgerech als die van de 26 Junie, toen zal die Koning dan gekroon wort.” En hierdie keer word dit toe uitgevoer.

Op Sondag, die 7de Augustus, 'n donker aand, kom van die gevange vrouens van die Kamp van Oos-Londen hier aan. O, ons het hulle so jammer gekry, want ek besef hoe treurig dit vir my sou gewees het om soveel moeite te doen om net so 'n klein entjie terug te gaan. En dan moes hulle nog in die donker by die Kamp aankom waar hulle oor 'n diep gat water met 'n bruggie moet loop. Die ou bruggie is omtrent vyf voet bokant die water en dit is net twee voet breed en daar is 'n opening van ongeveer vier vingers tussen die planke. Maar die vrouens word baie vriendelik deur die predikant en talle mense ontvang wat hulle ook oor die bruggie tot in die kamp help.

Op die volgende Sondag, die 12de Augustus, ontvang ek weer 'n brief van my suster wat in Bethulie Kamp agtergebly het. Sy is ook terug na haar tuiste en al die bekendes ook. Dit was vir my droewig om te dink dat ons nog hier in Kubusie is, maar ek was tog ook dankbaar dat sy verlos was uit daardie droewige kamp.

Op die 16de Augustus ontvang ek nog 'n brief van my jongste broer. Hy deel ons mee dat hy nog in Bermuda was, waarop een van my vriendinne antwoord dat hulle hulle tog nodeloos so aanstel, die eed van getrouheid is maar net so goed. Ek het my so vererg, dit was 'n ou vrou, maar „ik heef haar vroomheid ten toon gestel en haar gezeg wat rech is” sodat sy verplig was om haar mond te hou.

Op die 29ste Augustus gaan weer veel mense terug na die Vrystaat.

Op die 4de September was van die mense wat op die 29ste Augustus vertrek het, in so 'n grusame ongeluk betrokke. Die meeste van hulle was gelukkig nie meer op die trein nie, maar van dié wat na Kroonstad op pad was, het baie in die treinongeluk omgekom. O, ons was rasend van jammerte toe ons dit hoor, want ons het reeds gedink hoe hul dierbares daarna uitgesien het om hul binnekort weer te ontmoet, en nou moes hulle die droewige berig ontvang in stede van die lang verwagte herontmoeting. Maar ons troos ons dat dit die wil van die Here was.

Op die 7de September ontvang ons nog 'n treurige berig: die jongste dogter van mnr. Van As, Sarie, het aan inflammasie beswyk. So was die lieflike Sarie, maar net 'n kort tydjie terug in haar vaderland. Sy het haar ewige rus ingegaan nog voordat sy op haar ou tuisdorp, Dewetsdorp, was.

10 September, 'n blye dag vir ons! In die oggend word ons meege-deel dat ons nou kon terugkeer sonder om vooraf aansoek te doen. Ons word verder niks meegedeel nie, maar ons is so bly, want ons weet nou dat ons binnekort sou teruggaan en dat ons beurt ook aangebreek het. Gedurende die oggend van die 11de September, word ons ook na die Kantoor geroep. Ons word gevra na watter kamp ons wil gaan, Bloemfontein, Springfontein of weer na Bethulie. Ek sê na Bethulie, want ek dink aan my treurige dae hier in Kubusie. Ek het so dikwels aan die bekende berge van my vaderland gedink wanneer ek op die hoë heuwels van Kubusie gesit het, en so na die berge in die verte getuur het. Ek het dan ook so verlang na die berge van Bethulie, die berge waarvoor ek dikwels so moeg was wanneer ek die smarte van die Kampelewe nie meer kon dra nie. Ek het nooit geweet dat toe ek uit daardie Kamp gaan, ek so vêr gestuur sou word nie. Daar op die heuwels van Kubusie het ek die innigste verlange na my geboorteland ondervind! Nou het ek uitgevind wat 'n geboorteland werklik is.

Ek deel hulle dus mee dat ons Bethulie-toe wou gaan. Ons moes nou weer na ons ou kamp terugkeer, maar ons is so dankbaar dat ons daarheen kon gaan. Ons bewe egter van angs as ons aan die vreeswekkende reis daarheen dink. Maar ons vestig ons hoop op die liewe Here, Hy sal voorsien in ons behoeftes, soos ons in Psalm 91:1-5 lees.

Die 13de September moes ons ons weer na die stasie begewe om met die trein wat om 3-uur daar sou wees, te vertrek. „Ons moes toen ook treurig brug over.” Ons wag by die stasie totdat die trein eindelik daar aankom. Die wind is so sterk dat ons byna nie kan staan nie en voordat ons na die stasie kon gaan moes ons eers weer die ellendige dokter sien. Hy lees ons name af, maar ons was nog nie almal daar nie. Ek gaan in om hom mee te deel dat

my moeder nog nie daar was nie, waarop hy waag om my by die deur uit te stoot en te sê dat ons nie 'n „pas” sal kry om terug te gaan nie, maar ek draai om en stap weg sonder om 'n woord te praat, want ek weet: Khakie, jy is laat, teruggaan sal ek.

Om drie-uur stoom die trein die stasie in. O, die mense storm van alle kante en daar klim selfs soveel as sestien mense in een wa, met die gevolg dat ons nie plek kry nie. Die ou Kommandant ruk naderhand 'n ou wa se deure oop en beveel die mense om daarin te gaan, maar ons weier om dit te doen. Net 'n paar mans klim in. Hulle neem nou al die goed wat ons by ons gehad het, en die gooi hulle in die wa maar ons bly agter om die nag om twaalf-uur te vertrek. Die nag om 11-uur kom hulle ons meedeel dat ons liewer moet terugkeer na die Kamp, want die trein sal vol wees, maar ons sê dat ons dit nie sal doen nie, ons wil eers self sien of die trein te vol is.

Die trein kom eindelijk by die stasie aan en daar was baie plek. So vertrek ons na 'n groot gesukkel van die droewige plek af.

Die oggend om half-agt was ons in Queenstown en die trein haas steeds oor die aarde, net so vinnig soos my hart bons, spoed dit voort. Dit was op die liewe Sondag toe ons weer oor die hoë berge en rotse reis. Die middag om drie-uur was ons in Burgersdorp. Daar moes ons afklim en wag vir die trein wat om drie-uur die nag sou kom. So moes ons die nag ook sonder slaap deurbring. Die trein kom eindelijk daar aan en ons moes self vir ons 'n wa soek. Ons raak tog geholpe maar ons het nog nie eers reggesit nie, toe ry die trein alweer. Ons raak aan die slaap en rus totdat dit lig word. My hart wou my nou nie meer toelaat om te rus nie, want ek het geweet dat ek nou naby die Vrystaat is. Dit was ook so — met sonop gaan ons Grootrivier veilig oor.

Ek kyk by die venster uit en sien die waterstrome onder ons, en ook die blou berge waaroor ek soveel trane van verlange gestort het. „Prys die Heer my blye galme” juig my siel. Die woorde van Psalm 116:7 kom ook by my op. Die trein hou eindelijk stil op Bethulie se stasie en ek was dankbaar om weer op vaste grond te wees. Ons kry hier nie eens die helfte van ons goed nie. Ons kleretrommel en nog meer is weg met die trein waarop hulle dit gelaai het.

Die 15de September, om 11-uur in die oggend neem ons ons intrek vir die tweede keer in Bethulie se kamp. Ons tref nog meer bekendes in hierdie kamp aan as wat ons verwag het.

Vroeg in die oggend van die 16de September gaan my suster na die stasie om te hoor of ons trommel nog nie daar is nie. Sy was nog nie honderd tree van ons tent af nie, toe sy van die krygsgevangenes wat van Bermuda af teruggekeer het, ontmoet. Hulle deel haar mee dat ons oudste broer saam met hulle teruggekom het en dat hy in

Trompsburg is. Sy keer haastig terug en ek sien aan haar dat sy goeie nuus het om ons mee te deel. O, ek kan die dankbaarheid wat ons beleef het, nie beskryf nie. Ons hoor egter niks van my jongste broer nie.

Die 19de September, in die aand, gaan ons vroeg bed-toe maar voordat ons ingesluimer het, roep een van my bekende vriendinne vir my. Ek antwoord haar en sy deel my mee dat my jongste broer hier is. Ek kon dit nie glo nie, maar toe ek by die tent se deur uitloer, kyk ek in sy oë. „Maar ons het geen taal gehat te zeggen. Ik gevoel het groote liefde op het oogenblik van ons verloszen.” My moeder steek die kers aan maar hy was reeds in die tent. O, hoe gelukkig het ek nie op hierdie oomblik gevoel nie! Ek moes in my hart uitroep: „Wat zal ik met Gods gunstig overlaan de trouwe Heer voor zyn gena vergelden?”

Op die 4de September ontvang ons van my ander broer 'n brief en 'n aansoek dat ons spoedig na Trompsburg moes kom. Ons gaan na die kantoor om te hoor wanneer ons dan kan vertrek, maar hulle deel ons mee dat die kamp gesluit is en dat ons dit nie kan verlaat nie. Ons sal nog lank moes wag. Ons voel so teleurgesteld, want ons verlange is so sterk dat ons nie die ure in die kamp kan omkry nie. So wag ons maar van die 24ste September af tot die 22ste Oktober. NOU KON ONS GAAN !

Maar op die 16de Oktober, voordat ons uit die kamp gaan, steek daar 'n geweldige storm op. Ons tent sit vol jong mense, dit lag en gesels. Maar terwyl ons nog so sit, keer die tent om, so maklik en vinnig dat ons moes spartel om uit te kom. Ons kruip onder die tent uit en hoor net goed weg waai, maar ons kon in die stof niks sien nie. Dit duur omtrent 15 minute, toe was dit verby. Ons moes nou weer van voor af tent opslaan en dit reg kry, maar dit was die heel laaste keer wat ons met 'n tent gesukkel het!

Ons vertrek uit die kamp op die 22ste Oktober met dankbare harte want nie een van ons gesin is daar oorlede nie. Ons harte gaan egter uit na die mense wat nog moes agterbly en ons dink ook in diepe meegevoel aan die mense wat met hulle hele gesin in die Kamp ingetrek het en wat met slegs die helfte weer die kamp verlaat het, en daar was andere van wie nie een oorgebly het nie. Ons stap na die stasie en voel so gelukkig en trots, want vandag het ons tog 'n broer by ons wat alles vir ons kon doen.

Die middag word alles op die spoorwegwaens gelaai en hulle bring 'n groot beeswa waarin ons moes reis, nader. Daar word nog drie huisgesinne se goed in gelaai en ons was dertig mense wat daarin moes ry! Ons sit die hele nag so regop en die liewe wind waai so sterk dat ons byna nie kan leef nie. So reis ons van elf-uur die nag tot die oggend om sewe-uur tot by Trompsburg se stasie. Daar was nie een van my broers op die stasie om ons te ontmoet nie. My

broer wat by ons was, stap nou na die dorp om hulle van ons aankoms te verwittig. Hy was nouliks weg, of my ander broer, dié een wat ek drie jaar laas gesien het, en ook my oom kom daar aan. Hoe aangenaam was die weerontmoeting nie! Maar my broer wat van Bermuda af teruggekeer het, het plaastoe gegaan, hy en my swaer.

My broer bring ons nou na die dorp, want ons ken nie hierdie plek nie. In die dorp was daar nog my twee susters en hul sewe kindertjies. Ons was ongeveer 200 tree van die stasie af toe ons my suster en haar oudste seuntjie ontmoet. Dit was die derde ontmoeting en nog nie halfweg daarvandaan merk ons die kindertjies — hul kom na ons aangehardloop! Dit was soete en gelukkige ure! Nadat ons ongeveer tien minute in die dorp was, kom groet my ander suster en haar kindertjies ons ook. Haar kindertjies was nog vir ons vreemd maar sulke lieflike dogtertjies! Hulle was vir my die mooiste van almal! Ons wag nou nog net dat my broer en swaer van die plaas af moet terug kom.

Op die 24ste Oktober keer my broer terug, want hy het gehoor dat ons gekom het en het sonder versuim teruggekeer. „Ons zit de middag in de huis. Onverwach traad hy de deer in. Dit was of ik droom toen de beken gezich ons zoo laggen aanschouwen.” Dit was die einde van ons bekommernisse. In die aand ontmoet my twee broers wat vir baie dae op die slagveld saam geveg het, mekaar. Hulle was so vêr van mekaar deur die grote oseaan verwyder maar deur die goedheid van die Here was hulle gespaar om so weer in hierdie lewe mekaar te ontmoet.

Die 25ste ontmoet ek my swaer. Nou was ons almal weer bymekaar en dit voel vir my asof ek 'n groot skuld het om te vereffen omdat ons Verlosser hierdie grootse voorreg aan ons geskenk het. Ons het ook die goeie nuus ontvang dat my heel oudste broer ook nog leef, met sy vrou en kinders. Toe moes ek uitroep: „Geloofd sy Gods Goedertierenheid.” Psalm 66:10. Ek kan ook nou na alles uitroep: „Dit was vir my goed om verdruk te wees!” Dit was asof al die droefheid wat ons moes deurgaen 'n dag van beproewing was om ons Geloof, Hoop en Liefde te toets en om ons te leer hoe nietig al die aardse dinge tog was!

„Hoe lief heb ik u we, het is myn doel den gansche dag haar yverig te betrachten. Hoe listig ook myn snoode vyand woel. 'K heg wyzer geeft en edeler gedachten, door uw geboon wier kracht ik staag gevoel, die ik eewig zal met heiligen eerbied achten.” (Psalm. 119:49).

28ste November was weer 'n dag van blye weerontmoeting, want my oudste broer het ook teruggekeer. Ek was so dankbaar om te weet dat daar nog so iets soos liefde bestaan veral as ek terugkyk na die laaste jaar wat ons in die tente deurgebring het. 'n Jaar gelede was hierdie dag vir ons 'n droewige dag, want dit was die sterfdag

van twee dierbare vriendinne van my, en vir 'n oomblik het al die smarte wat ons gedurende daardie maand in die droewige kamp te Bethulie moes deurleef het, deur my gedagtes gegaan. Hoe ons in daardie tyd moes honger ly, en dag na dag moes ons nie minder as agtien of twintig lyke na die graf sien gaan nie.

Ons kan hierdie vele sterfgevallen byna nie betreur nie, hoe droewig die verlies ookal vir ons was, want ons lyding was so smartlik dat ons gevoel het ons kan niemand van sy of haar laaste rusplek terughou nie. Elke dag moes ons maar bereid wees om ook te vertrek. O, die sware dae van lyding kan ek nooit vergeet nie.

Vandag kan ek tog weer in 'n huis deurbring en by 'n tafel aansit. 'n Jaar gelede moes ek op 'n trommel sit en die dag in die benoude tent deurbring. Alhoewel ons nou nog nie eens 'n perd of bees of enigiets het om mee te begin nie, weet ons dat wat 'n mens hier op aarde nodig het, aan jou sal gegee word, en ek het ook geleer dat al die prag en praal van die wêreld niks meer as sonde is nie.

Ek was maar 'n arm man se dogter tog het ons besef eet en drink en wees vrolik, maar moet nooit vergeet om jou Skepper te dank nie, Hy wat alles aan jou gee uit grote liefde. My bede is dat ek in armoede of in rykdom, net my beskore deel mag ontvang, laat gierigheid my nooit in sy strik vang nie, want dit is net 'n verderf hier op aarde. „Gebryk alles met een maat, wachte u voor overdaad,” want begeerlikheid bring net teespoed. So wees dan tevrede met kos en klere. Dit alles het ek aan myself gesê.

Ons besluit om ons vireers in Trompsburg te vestig en het gemeen dat ons hier lank sou bly, maar dit was nie die geval nie. Die huise was spoedig so skaars dat ons verplig was om na Reddersburg te trek.

Op die 28ste Desember vertrek ons hiervandaan en met ons aankoms op Bethaniestatie het ek gedink : Sou dit nou tog nie die laaste keer wees dat ek met 'n trein moes reis nie! Ek hoop tog so.

Ons keer in die middag terug in ons ou dorp wat ons op die 17de April 1901 met soveel droefheid aanskou het, want ons het gedink ons sal dit nooit weer sien nie, „want ons heef bemerkt dat ons vyanden met ons zal gaan grof werk, doch wy hadden dit niet verkeert geraai.” Min van ons het die voorreg gehad om dit weer te aanskou.

Ons ontmoet hier ook my oudste broer, sy vrou en hul kinders. O, dit was vir my dankbare uur, want ons het altyd so bymekaar gebly en dit was vir ons so droewig om so lank van mekaar geskei te wees. Maar ons dank die liewe Here omdat Hy ons na al ons lyding weer teruggelui het om mekaar weer so te vind.

Op die 31ste Desember keer my swaer wat in Ceylon was, ook terug, en nog vele ander bekendes. „Dit was voor ons zeer duire uiren van Dankbaarheid, voornamelyk als ik terig dink na laaste jaaren en dien dagen.”

DIE OORSPRONKLIKE DAGBOEK

15 Maart 1901 — 31 Desember 1902

DEUR

RENSCHE VAN DER WALT

[1]⁵⁾ Nu wil ik hier schryven die ik nooit moet
vergeten zoo lang ik leef.

Det was de 15 Maart 1901 op een schoone morgen dat daar een engelsche lager over ons plaast Uitkyk kwaamen, die al ons goed die wy zoo lang voor en aan gearbyd heef, wech neem.

Det schyn ons alles zoo aardig en voor ons schapen Beesten en paarden was het zeeker net zoo aardig.

[2] Ons dierbare koring wort nu van de soller af gehaal door Engelschman en allen wort achter de huis gegauw.

Daar staan de arme vrouwen en kyk hoe hun eigen aarbyd vermors wort die zy zich zelve afgesneden hebben in de warme dagen. Dat moet nu voor ons oog vertrap wort onder de mus. Slech zeven mud wort agtergelaat.

Wat hoor wy van hun ? Niets byzonder, alleenlyk zuchten.

O, nog aardugger daar word de schapen op een klomp aangedryf dat de stof zoo draai van de engelsche kaffers.

De beesten onder de Berg de paarden by de rand, det word alles aangebring door die engelsche man hier.

[3] Maar ons stel maar te vrede want wat kan ons doen en wat ik toen ook nog zoo jammer kryk is ons volk die ook hun vee moet zoo geduldug af geef wat zy zoo jaare lang voor gee dien heef. Maar det wort niet alleen geneem maar ook van hun kinders wort gevat.

O nu gaat engelsch man met al ons vee. Van de morgen om acht uir tot de dag om twaalf uir was de roof ry daar. Toen was engelsch man wech met al de groot gewoel. Alles was toe stul maar det was of ons gedureg de gebulk der Beesten en het gebleerk der schapen hooren.

Ons zit nu leedug. Ons heef niets te doen. De plaast zyn voor ons te groot de kraalen zyn leedig. Wy begunt nu onder elkander te zeggen, O hoe kryg ons toch die Bitter koffie in vernam morgen vroeg. Ons wat emmers melk gewoont is. O wat zien wy op een oogenblik: daar kwaam zeven Beesten uit de veld. Eerste wat ons zeg is zal daar nu koezen by zyn. Det kwaam veel [4] beter is wat ons gedink heef.

Spoedig wort de Booi gestuur om det te gaan haal. Daar was een koe by. Om vier uir kwaam weder een melkkoe van ons en van de volk drie. Ai, zeg ons, nu heef ons toch weder koffie milk. Die dag niets in ons bezit maar de avond het ons al weder wat.

De 16 Maart begunt de Paarden al weder terug kom. Als zy de werf in kwaam rinning zy als of zy zeggen: Engelschman werk niet goed met ons. Det kom toe zoo terig zoo dat ons toe weder 23 paarden heef in paar dagen. Maar ons Boer maar met ons 12 schapies. Daar van wort toe geslag zoo dat daar acht over Blyf. Maar is net zoo of ons ryk is. Ons werp al ons bekommernis op de Heere, Hy zal het voor ons maaken.

5) Hierdie syfers tussen [] verwys na die bladsye van die oorspronklike dagboek.

23 Maart den avond zien ons een paarden ryter aankomen. Det was al [5] donker zoo dat ons niet kan zien wie dat det is voordat hy nu voor de deer afklim.

Toen bemerkte wy reets dat der een Dierbare welbekende Broeder is die ons een Blyde Boodschap Bring. Hy zeg toen aan ons dat de Boere weder 1500 duizend schapen weder afgenomen heef waarvan hy ook zelf een was. Hy slaap toen die nach by ons. Die anderdag morgen kryg ons die bereg dat die schapen zal weder by al de plaastsen laans gebring wort wat de engelsche det by gevat heef, dan kan elkeen zyne uitvang.

Det duurde ook niet lang of det kwam toen op ons plaast. Det was toen de vyfde plaast waar zy toen by elkander kwamen om det uit te vang.

Daar zyn zes groot kralen op de plaast en allen zyn in gestamp vol en een klomp moest nog voor een kraal slaap. Toen ik al de schapen schoo aan schouwen toen lyk det voor my of ons weder al ons schapen sal kryg, maar toen ons [6] de anderdag morgen begint uitvang toen kryg ons maar van ons 926 schapen 221 zaam met die twaalf wat engelschman achter gelaat heef, maar ons gevoel toen darm weder te vreden.

Toen het ons van 926 schapen 221 en van 36 Beesten zoo terug gekomen dat ons weder zoo 20 heef, en van 59 paarden toen weder 23. Zoo dink ons toen weder ons zoo te vrede te stel. Maar de Lieve Heere heef toen nog een ander doel met ons voor die ons niet weeten.

Ons dink toen ons weg Maar de Heere Bestier ons gang.

O, wat gebeurde nu op de 16 April 1901. Zeer Bedrukter en swaarder dan dei van de 15 Maart. Wy hooren veel dat engelschman de laaste vrouwens wil vang, maar ons kwaam altoos vry. Maar eindelyk Breek ook ons beerd aan, reest op de 15 April.

Wy zaten nog gerus in ons huis. Op den muddag zien zy paarden ryter [7] by de Berg om kwaam. De eerste woord van ons was det is Khakies, Kyk hele is geel en Kyk hoe uit melkander ry hele. O nu begunt ons goed in mekaar maak. Die eerste wat ik dink, o hoe zal ik toch my Dierbare Boere Broeders achter moet laat en of zal ons weder elkander zal zien op de aarde.

Maar ik troosde my weder meschien laat staan Khakie ons weder.

Maar het duurde niet lang of Khakie jaag weder over de aarde by ons plaast laat der zoo dreene. En de spejoenen gaan rech uit Berg toe. Ons staan nog zoo alles en aanschouw met een Beangsste hard toen daar op een oogenbluk schooten uit de Ber Dreende op de spejoenen van de engelsche. De twee voorste jaag terug. Maar spoedig was de mom mexsem reggestel en det Dreende en de Bergen zoo als det geBomme deer wort. Hoe Butter was det toen voor ons.

[8] Wy weeten niet waver van ons Dierbare word meschien vandag daar dood geschiet.

Ons staande toen maar net en kyk. Toen Engelschman omdraai, toen Dach ons dat hele zal de huiszen kom verbrand. Maar door de goedheid des lieve Heere was der ander bestier.

Toen hele klaar met de geschiet heef kom de ofzier daar en vraag aan my zuster hoe kom zy niet gezeg heef dat daar Boere in de Berg was, waar op sy

antwoorde: Ik is moes niet by hele dat ik weet, en aan my negie ook, waarop zy hem de zelfde anwoort.

Toen begunt de wagen en karre aan kom huistoe. Dit dreem net waar men kyk. Toen de wagens voor de deer stil hou toen zien zy dat daar al veel bekende Buir vrouwens by was.

Toen gevoel ons dat daar noi geen ander troos is, is maak maar die Bonnelkies reg. Die zelfde avond word daar nog van alle kanten vrouwens aangebring. O, hoe aardig lyk det toch voor my. Net waar ik my oogen draai woel en werk [9] det. O, hoe voel my hard toen ik moet toen zeggen: Woi vlichten, maar kom nergens heen.

Die nach gaat ik toen by my niggie slaap, een einje van omtrent 15 meieten van ons huis af. Toen ik daar kwaam toen was daar alles dood stil. O, hoe kwaam Die Better gedachte weder op van die Scheiding, Die zoo ondraaglyk voor my was. Maar ik troosde my maar weder met Ps. 25:6. Deze woorden : God zal zelf hun leidman weezen, leeren hoe zy wandelen moet.

Na de eeten gaan speel ik toen weder paar Psalms voor laas en De vier kleeer.

Zoo zit ons toen nog een weinig en gezels als of det voor de laatste avond is dat ons zoo in ons eenzaamheid in de huis zit daar ons zoo lang zoo ingeblyf het.

Die nach val my maar moeilyk om te slaap daar zyn teveel zwaar waarover ik my bepeins. De zwaarste was my Dierbare achterBlyvende die my nu nog [10] zoo zeer aan hart Drukte.

De ander dag morgen begint ons toen in te pak en reg te maak. Voor dit alles gedaan was moest ons ons namen gaan opgeef om op te schryf, maar dit was een gezukkel. Det wil ons niet doen. De ofvezier moes eerst det mooi uit leg wat dat hy wil daar mit maak. Toen zeg hy dat hy det alleenlyk op schryf om te weet hoeveel kos dat hy moet gee. Zoo schrif hy det op. Zoo wort de goed toen by elkander gebring wat moet zaamgaan. Maar toen gevoel mensch geheel dof. Want al de duir goet moet Blyf, en al de kleinheid moet zaam gaan, daar nog zoo te zeg al de noodigste vergeet wort. En dit gebierde net deer zwaar. Want vier of vyf dagen voor men wil toch gaan moet ons tyd heef om rech te maak en nu heef men maar een half dag om rech te maak, en ook nog wanneer ons praat van ry, dan weet ons waar heen, nu moet ons al op klim [11] en ons weet nog niet waar heen.

Maar ons hard zyn alleen op ons God gevestig, want altoos wanneer ons vier of vyf dagen van huis gaan dan moet daar een goede zorg achter blyf om de goed op te pas. Maar nu gaan ons van huis om meschien nooit weder terig te komen. Zoo moet ons toen op de kaal Bokwagen klum waar ons nog nooit op gery heef, en vreemde moet ons over de weg bring. Die waa waar ons goet op zyn moet toen eers naar een ander plaast gaan om nog menschen te gaan haal. Ons dach dat der laatste zien was van ons kos en kleedering en ons moest toen weder deer loop naar de ander werf om daar te gaan op klim.

Toen de troepen klaar met de goet heef toen begint hele weder de paar koring zakken uit te sleep en de koring voor de deer uit gauw. Alles moet ons zoo aanschouw.

Die ou groot schoene die ons altoos vies voor gewees was die moet toen [12] in de huis loop. Toen ons by myn moeders huil kwaam toen staan de waa alvoor ons in wach waar ons moet gaan op klim.

Niet een hoor men een woort spreek, allen zyn oogen zyn Blink van Tranen want ons weet niet waarheen en ook weet ons niet of ons meschien ooit weder zal op die plaast kom.

Maar de grooste zwaar was de Buttere afscheid die ons moet neem. Det kan ons nooit beschryf.

O, Daar gaat ons met de ezelsbokwaa. De eerste was det een schrik toen de waa draai, toen lyk det voor my of hy wil val. Maar ons ry maar. Anderkant de huizen word dit toen stilgehou.

O, hoe lyk de morgen van die 16de April nu tyn de morgen van de 15 Maart. Die morgen van Maart was allen de Dierren gevat maar de 16 April was daar niet een mensch gespaar om achter te Blyf. Toen word al ons goed gevat en [13] ook ons zelf moest op Bokwagen geladen word en ook weg gery.

Daar moet drie of vier huisgezenne op een wa gelaai word. Zoo gaat ons toen van ons plaast. Met zichten en weenen verterk ons zoo laans de weg.

Omtrent 10 menieten van ons plaast achter de berg daar wort dit alweder uitgespan. De wagens waar de vrouwens en is word allen laans elkander getrek net of det beschaaf was. Maar deer me was engelschman baja laat. Det schyn toen in ons Afrikaansche vrouwens ze oogen zoo onbeschaaf. Hier en daar over de bulden zien ons toen weder wagens aan komen en det was toen ook nog vrouwens wat gevang was, waar ook nog veel vemielje by was. Toen begunt ons maar zing en spreek onder elkanden van ons zwaar.

Waar op ons ook veel kanon schooten hoor dreende. Ons hard voel zeer want ons allen heef een zeer bemende By de Boere. Zoo blyf ons daar tot om twee uir, word toen weder ingespan en begunt te ry en een verkeerde Pat. Ons [14] bemerk det gauw maar ik deink engelschman jy kan ry al dwaal jy tien jaar hier in de ronte, dan is der beter ver my. Omtrent vyftien menieten gery toen kom engelsman det achter.

O, wat woert nu gedaan. Det wort nu sommer deer de veld gery tot waar zy weder in de rechte pat kwaam. Slooten en veleuyen wort deer gery. Altoos was ek bang om in de pat te ry met een oswagen in op dien dag moes ik door de veld ry en ik weet det wort op de slechte manier gery, maar ik was toen niet beangs, want ik weet hele wil graag laat ons verongeluk, maar ik weet een boose wensch zal nooit geluk. Omtrent twee uir gery wort weder uitgespan. Ons meende toen dat ons dien ander dag mogen weder moes vertrek. Ons neem toen al ons goet en kos van de wagen af. Daar ontmoet ons toen nog bekende gevangene. Ons heef nog niet eers reg gezit om te eet toen hoor ons alweder:

[15] Inspan, inspan.

In is hele zoo schreeuw dan moet ons net op klum, want det is zoo veel menschen dat mensch kan deer mekaar raak en nooit weder reg komen. Zoo begint det toen ry omtrent uir en half tot op de plaast genaam Mosterhoek daar.

Daar wort ons toen op klomp afgesmyt bene in de tyn. Ons begint toen zelf ons goet ekeen naar hem zelf te neem en plek te zoek waat ons in kan slaap. Ons kryg toen een stop kamer van de vrouw waar pety op de stoep en de ander en de wagenhuis en de ander en de koringhuis en de ander onder

de boomen. Zoo zoek ons toen slaapplek waar ons gewoon was eleen naar zyn eigen kamer gaan en op en katel gaan slaap. Maar ons klagen niet want de Heere Jezus heef dertig jaar op de aarde een vreemdeling gewees en heef gezeg: Die een deceipel van my wil wees zoo neem my kruis op en volg my. Zoo moog ik [16] niet kermen als ik myn kruis moet opneem.

Dien nach maar weinig geslaap. De ander dag namelyk de 17 April 1901 Woensdag morgen begint ons weder aanschouwen hoe de wagen aan komen. Ons goet wort op gelaaden en ons weder op en ander wa moes opklim. Det lyk onmoogelyk om daarop te klim, maar ons moet. De wagen was hoog geladen vol goet en nog nege en twentig menschen daar op wat moes op die een wa kom en zoo was det met al de andere wagens.

Zoo gaan det toen weder deer slooten en wallen. Spekvet beesten en paarden leg dood lans de pad, wat niet wil mooi loop. O, wat voel wy toch weder treurig toen wy over ons oude dorp gaan. Daar aanschouwen wy ons eigen woning voorbygaan en ons Kerk. In de geheel dorp zyn maar drie huizen die menschen in zyn wat achter blyg.

[17] Zoo moes ons allen moet goede ogen aanschouwen hoe dat ons eigen menschen ze huisraad uit gevat word Door de slechte kaffers en Khakie. Maar ik dach toen: Wach jele beert kom aan. Det is ons zyn vendag. Zoo gaan wy toen al de bekende plaatsen voor by waar niet een dier of mensch op is. Zoo ry ons toen tot omtrent drie uir die middag, toen span hele weder uit.

Ons heef gedink ons zal die avond by die plek kom waar ons moet blyf, maar nog niet eers de elfte kwaam ons dien dag.

Daar was det toen ongewoont voor ons om zoo veel vrouw menschen by elkander te aan schouwen. O, wat moet wy aanschouwen wat moet zoo in de warme zon moes zit ouden van dagen.

Toen wy reest op de weg was toen kwaam een der wagens lans ons zyn Toen ik kyk wie daar op ryden tot my grootste verbazen zien wy dat het my oude Oom Piet van der Walt en zyn ouden vrouw ook op die wagen zut. Toch [18] zoo oud en ook in de zwaar en in de warme zon op die kaal Bokwaa.

O, Det zal my nooit uit het wezen gaan als of wy het nu nog aan schouwen. Als wy voor in de pat of naby aan de pat een sloot of een miershoop zien dan vreesden wy al want is die wagen niet daar in of daar over is dan is der een wonder. De wagen loop tot zeven lans elkander dat ik met de grootste vrees zit dat der in elkander saal loop. Maar door de goedheid des lieve Heere zyn wy toen nog op den avond van de 17 April nog allen vrisch.

Dien medag van den zelfven dag toen wy moest begint koskook toen gaan ons water haal. O toen ons by de water kwaam een kylje water dat lyk voor my zoo sleg, maar wat zal ons doen ons schep maar. Toen wy tereg daar de wagen gaan moes ik mooi zoek om de wagen te kryg ons by ry. Opeens hoor ons dat ons rech heef om naar de mans Presniers te gaan kyk. Wy loopt toen met een [19] beangste hard en dach dat daar meschien van my broeder ook gevang was. Maar toen ik daar kwaam bemerket wy spoedig dat daar niet een was. De meeste wat daar by was was maar net hands op mans en over die voel ik toen niet treurig want det zyn hun eigen belang.

Zoo keerde wy toen weder terig naar de wagen. O, nou zien wy daar wort een hoop kaste nade ander gedragen. Toen moes ons kos gaan ontvang, net zoo als ons volk altoos by ons ontvang heef. Daar ontvang ons toen elkeen een weinig zyker deermekaar wortels, boontkies, yje, peterzielie, rys, omtrent een koppie vol van die deermekaar sop en een Blik bief. Zoo begent ons toen Donderdagmorgen de 18 April. Daar vertrek Engelschman toen verder.

O, my zit plek zyn een weinig beter want de vorige dag het ik by die voor wil op de reeling gezet. Daar was ook niet een wat ik kan zeg wat goet gezet [20] heef. Allen heef gelyk als die wa stamp zal val. Maar die dag gaan der met de zit plekken een weinig beter. Zoo bekommer ons ons net ver die tryn. Ik heef nog nooit die ding voor myn ogen gezien. Een groot vrees en angste heef ons daarvoor al van de huis af. Zoo kwaam ons toen vroeg en de morgen by Riet Revier. O wy vreesste zoo. Op de wal begint de wagens stil te hou. Daar gaan det toen geskuk. Een vir een wagen gaan toen deer en zoo begin de wagen toen achter alkander tot in Edenburg.

O, daar moes ons toen met kaal bokwagen deer de vreemde dorp waar ons altoos te schaam was om met een bokkie naar ons beure te gaan kyger.

Anderkant Edenburg daar zien ik toen voor eerstemaal de tryn ze spoor. Nooit gedach die leelekeding op zoo een manier te zien. Maar die waagens gaan toen voort. Anderkant Edenburg gaan hele toen uitspan. Omtrent twaalf uir toen kwaam daar een trein verby. Toen zien ik voor eerste maal [21] de trein. Daar was ver my niets aan maar toen was ik nog angstigger als ik dink ons moet daarop ry. Maar dit help alles niets. De anderdag morgen 10 April moes ons maar op de trein gelaaden wort.

Reest vroeg in de morgen wort ons aangezeg dat ons moet gereed maak. Ons gaan toen gauw ons goet van de ander wagen afhaal en zit dit gereeld op die waa waar ons op ryden. Toen ons op de waa rech zit toen kom vraag daar een van de Engelschze ver ons waar dat ons wil heen gaan. Ons geef hem geen anwoort. Ons dach ons heef moes niet hier heen gekomen uit ons zelve. Jele het ons gevang, zoo moet jele ons maar goet verzorg. Zoo begunt ons toe te ry. Omtrent honderd tree van daar moet ons toen weder afklim en op de [22] blooten aarde zit. Daar moet toen negen huishouwen ze goet op de een wagen geladen wort toen kan daar niet een op klim. Zoo moet ons toen achter de wagen loop naar de stazie en de zon is zoo warm en de kinderen moet gedraag wort want dit is zoo veel menschen dat ons groot menschen kan deermelkander raak en ons het zoo dors. En de zwaarste dan ry de wagen net omtrent tien tree dan hou hele weder stil. Maar als de wagen stil hou dan is ons zoo moeg dat ons niet kan staan dan sit ons somer in de zant. Maar voor ons reg zit trek die wa al weder. Zoo het hele omtrent tien maal stul gehou voor ons by die Stazie was.

Toen ons by de stazie kwaam toen moes wy de goet af vat. Dit wort net [23] van die wagen af gegeef. Dit was omtrent 40 tree van de platvorm af waar ons ze goet staan. Zoo moet ons toen weder aandra tot by de platvorm.

Toen de ander menschen voor weg was toen ons moet op pak, toe was al die trokzen vol. Zoo moes ons toen in de wen ons goet op laaden en ons gaan toen ook zelf daarin.

Ons was toen seven huishouwers wat in de wen was. Toen ons reg zit en aan schouw dat al de kinderen daar by elkan zit en dat ons tot daar toe nog allen in het leeven ben, toen was daar niet een van ons die nier en tranen was want ons weet niet wat voor is en ook niet waar heen. Ons het toen toch een dak over ons maar de meeste was maar op de kaal trokzen. Meteens geef de trein een ruk en daar gaat hy een end toen kwaam hy weder tereg en weder een heel ruk stul gehou tot de ander trein vertrek was, toen gaat ons zelf ge- [24] vangemen zoo ons Broeders en bekenden krygsgevangenen en ook de zelfde weg, die zy mee weggevoer.

Zoo gaat ons toen die avond op Krugers zauding slaap. In de ander dag morgen naar Springfontein. Daar zien ons toen ons menschen wat voor ons weg is weder afgelaaden op de Bloote aarde.

Ons zien toen ook een groot Camp van vroumenschen. Ons hoor toen dat ons ook moet daar blyf dit was toen niet zoo. Hele vertoef toen die dag. Daar over was ons toen Blyde want ons vernielje was daar en veel bekenden. Toen kan ons toch een beetje kyger.

Maar een treerigge uir kwaam ons een beetje over. De jongste dochtertje van my zuster wort op een oogenbluk zoo naar dat dit lyk of zy kan sterf. O, ik dink hoe zwaar zal dit toch wees om die vermaaklyk kindje af te geef. Maar ik gevoelde aan my hart dat dit van hongerte is want zy wil niet de klinkkers en Bief eet. Toen geef my zuster die te Springfontein blyf brood en schaapvlees en zoo dra zy dit ge-eet heef was zy een paar uir later geheel beter. Maar ons kon dit niet anderste verwag heeft want ons is gewent zafte brood en vars melk elk avond en elk morgen.

[25] Zoo begunt ons toen de 19 Aprul van Springfontein. Ons hoor toen ons moet naar Bethulie. Dit was op de lieve Zabbatdag. Dit was voor ons zoo zwaar daar ons altoos gewoond was te lees in te zing alles zoo stil en op dien dag was ons in een trein onverzienlik lang was. Zoo kwaam ons omtrent vier uir die dag hier te Bethulie.

Toen die trein stul hou toen kwaam daar een man in die ik lang van te voore goet gekent heef. Ik dach dat hy ons kwaam besoek. Maar hy staan ons net zoo een weinig en aanschouw. Toen hy uit was hoor ik dat hy ons kwaam tel heef. Ik dach toen, O, ons zyn nu hun schaapen.

Zoo moet ons toen drie dagen daar by de trein ze spoor blyf en vier of vyf treinen gaat op een dag voorby. Dit verveel my noi nog als ik daarover dink want ons nach rus het ons niet eers.

22 Aprul kwaam de wagen weder aan om ons nu op te laaden naar de Camp. Ons moet toen weder ons goet omtren 40 treden draag naar de draad waar de goet moes opgelaaden wort. Omtrent nege uir de morgen gaan ons toen vort naar de Camp. Ons loop toen achter de wagen deer Bethulie. Ik was zoo vyl dat ik zelf nie meer naar my kyk maar ik dach is goet zoo want ik gaan naar een zyl ten.

Zoo kwaam ons toen 11 uur 22 1901 in een Camp.

[26] **Ons ze leeven te Bethulie, 22 April 1901.**

Dit was 22 April toen ons moes begunt in een Camp leeven toen wy voor eers een Camp zien. Dit was Dungsdag omtrent 11 uir toen ons in den Camp komen.

De man wys ons tent aan waar ons moet in gaan. Ons was toen 14 menschen by elkander wat moes in de een tent gaan. Ons was zoo moeg maar begunt toen een graaf zoek om de tent meer uit te schoffel. Maar dit kan ons ver eers niet geholpen koomen. Ik vat toen en bluk en de een een glasstik en de ander een klip. Zoo gaan ons aan. Maar wat klaar kom is Affrikaner ze kunt. De avont kan ons toen weder zeg Onze tent. Daar ons een heel tyd hier in daar gegooi was. Ons was omtren vyftien dagen in de Camp toen de eerste een kint overleeden van drie jaar. Dit was voor ons of de pat nu gewys was. Dit duir toen vyf dagen toen is daar weder een jong kind van twaalf jaar overleeden. [27] Zoo is dit een wonder als daar een week omgaan en daar niet drie of twee kindertjes begrawe word en ook een groot meisjes wort spoedig uit ons midden geneem. Dit was voor my zwaar toen ik dien dag geduirrig de ten waar de lyk in leg zoo aanschouw dat ik dach waar dat haar vader is in waar haar lichhaam lech. Maar ons beveel dit maar in de hant van ons lieve Heere die dit behaag heef. Zoo zyn de Camp toen alles achter mekaar.

Van steenen wort stooven gemaak in bakoonden. Ons dach toen dat ons nu kan rus. O, nee, de Camp moet nu verzit wort, want die water is toch te zwaar om aan te ry. Zoo wort dit gezeg. Een avont wort ons tenten gestorm van Engelsche polliessen en daar wort vreemdelingen in de tenten gezoek. Daar heef dan Boere in de Camp ront geloop in die heef dan in de tenten weggekruip. Maar hele was laat.

Zoo begint hele toen de Camp verzit op de 7 Junie 1901. Ons steer ons [28] toen nets aan de goet. Alles moet hele zelf op laai en weer aflaaï omtrent 10 menieten van waar de Camp gestaan heef. Zoo begint ons toen weder de tenten schoffel maar dit gaan toen beter, ons kan toen goverments graven kryg om de tenten uit te schoffel. Dit lyk toen of de Camp kan beter er uit zien dan de eerste. De tenten zyn ook beter op ge slagen. Zoo gaan ons leeven toen aan, elken acht dagen moet ons gaan meel, koffie, zyker en zout ontvang. En elken vyftien of twintig dagen paar stikkies zeep ontvang en elken morgen vlees en elken Zondag kerk van Ds. Becker en mandag en woensdag en donner dag Bud uir en dan zyn hier ook vrouwens die de behoeften van ons op schryf wat dan iets aan goeden wort en schoenen wort ook gestuir die aan de menschen uit ge deel wort. Zoo gaan dit aan in de Camp maar dit val my maar moilyk in de Camp. Altoos wort daar maar bekenden uit ge dragen naar de Hosputaal en ook veel overleeden.

Zoo gebeurde het op een morgen dat dit begunt reegen op die 21 Junie. [29] Ik zien toen dat de water wil in de tent kom. Zoo spit ik toen de voor om de tent dieper en myn moeder en zuster maak de wal hooger. Die dag regen dut deer. Zoo dat dit op een gezukkel koffie water gekook kryg. Ik kan niet van kos schryf want in die vier dagen het ons ons met vlees gevoet. Ons was vier dagen zonder brood. Die volgende nach gaan ons toen zonder kos slaap want dit reegen te veel. Ons kry geen meel of vlees. Die nach gaan

dit nog goet maar die morgen de 22 Jinu om 3 uir bemerk ons dat de water gewendig by de tent ze deer in kwaam. Ons begint toen spoedig op staan. Eerder ons klaar het toen staan de water gelyk met de beddens want ons slaap net zoo als kaffers op de gront. Ons tel toen de kooi op wat droog is en zit dit op de kus en trommels. De water spoelen len toen voor byde tent ze deer in en achter uit. Ons zit toen en wach dat dit moet lich wort en toen dit lich [30] was gaan ik in myn zister een ten zoek om op een droog plek op te staan. Ons loop van ons tent omtrent twee voet in de water tot by de stoor die omtrent 40 tree van ons ten af is. Toen ons daar kwam toen wil de man niet een ten af geef zonder de Commedant ze order. Ons moes toen weder terig weder in de water naar de kantoor om de Commedant te gaan tent vraag toen ons daar kom toen staan hy ook in de reegen en in de water in spit een voor om d Hospitaal. Ik vraag hem toen een tent, hy vraag wat ik wil daar mee maak. Ik zeg hem toe dat ik dit vil op een hoogte gaan opslaan.

Hy lach een beetje en zeg: ja gaan vat. Zoo ploeg ik toen weder naar de stoor toen om de tent te gaan haal maar ik weet toen niet hoe dat ik die tent zal gedraa kryg want mensch zien die morgen niet een polliets. Die altoos zoo vliks is om mensch te order en wette voor lees. Maar ik vat die waternat tent en my zy en loop of det een lichte ding is. Zoo draag ik toen tot in die hefte toen vat my zuster weder. Zy vat dit toen net zoo gemaklyk. Zoo gaat ons [31] toen een man vraag om ver ons de tent te kom help opslaan omtren 15 tree van de Kamp. Ons wort toen toch geholpen van een. Zoo begint ons toen de goet aandra. Tien uir toen heef ons klaar toen heef ons nog niet nat of droog over ons lippen. Maar wat ver my de naaste was toen ons wil de nat kleederen uit trek toen was ons handen so dom dat ons ons byna niet kan help. Toen ons op een gezukkel klaar heef toen begunt myn moeder koffie water kook bene in de tent, waarop ik en myn zuster beide beetje meel gaan zoek om iets gaar te maak. Zy kryg toen spoedig, zy het de barmhartige menschen ontmoet, maar ik gaan toen voor eers naar de onbarmhartig maar toen gaat my tanta weder voor my part loop. Zy heef ook niets maar toch nog een stikkie om die dag van te leeven. Zoo wort zy toen geholpen, zoo wort ek toen ook geholpen. Zoo gaan ons toen een bietje pap maak van de helfte van de bort meel en myn [32] zuster toen van haar bort zyn helten sop.

Ons moes zoo alfdeel want ons weet niet hoe lang ons moet zoo leef Dit was toen 11 uir dien dag toen ons ver eers iets te eeten kryg.

Ons kyk toen net hoe dat de andere vrouwen nog beezug waren hun goet uit de water te ret. Dit zyn zoo koud op de nat grond.

Dien avond toen kwaam daar vlees, maar ons wort niet aangezeg zoo als de gewoonte want dit was te min want die zelfde dag heef daar weder gevange vrouwens gekomen in die Butter kouden. Zoo gaan ik toen zommer de schottel vat om de vlees te gaan haal. Ik wort toen ook geholpen. Sommigen kinderen hoor men hier en daar huil van hongerte. Toen ik by de tent kwaam toen was dit reets al te laat om de vlees te kook want voor negen uir moet alles stil en de lichten dood wees. Zoo gaat ons slaap op die nat gront en nog doodlyk [33] honger. Die nag kom slaap die bokken om ons verstootten tentje. Ons dach toen dat dit honden is. Ik zeg nog Zy jy joi slegte hond

als mensch zoo honger heef dan kom plaag jele nog als mensch kan slaap. Die anderdag morgen de 23 Juni was Zondag. Met de opstaan van my toen maak ik weder de ander beetje meel nat om paar koekjes gaar te maak en toch reegen dit toen niet meer. Toen ons klaar ge-eet heef omtren zoo tyn 3 uir gaat ons toen weder ons tent in de Camp reg maak. Ons gaan toen een wal ommaak gelyk een dam wal. Toen ons nog beezig was toen hoor ons: Op ver meel en vlys.

Dit wort toen spoedig gaan haal.

En nog op de 23 Junie 1901 was ook de sterfdag van ons oude vader Piet v.d. Walt.

Maandag morgen was ons toen weder in ons tent. Vroeg in de morgen wort alles toen klaar gemaak en de middag gebak. Ons bak toen de geheele week der voor die menschen die niet oonden heef dan geef hele een brood voor ons. Zoo kom ons toen voor zoo dat ons meer als acht dagen brood heef. [34] Zoo duir het een heel tyd dat ons geen tyding van ons huis kryg.

Helaast wort Daar toen weder van ons eigen beiren zyn vrou wens gevang die nog achter geblyf heef. Toen kryg ons goede en vaste berig.

Ons was toen dankbaar om goede bereg te hoor. Zoo gaan dit toen voort, wint dagen en warm dagen en beina elken dat wort ziekies uit de Camp gedraag naar de Hostpietaal van vreemden in bekenden en ook veel overleeden.

De 29 Junie was toen my verjaarsdag. Dit was nog myn treurigste verjaarsdag wat ik van weet. Ik kon dien dag niet eers en de stilheid gaan overding wat my alles ondergaan heef in my 23ste jaar, want dit is te een groot gewoel in de Camp en als ik wil uit de Camp dan moet ik een maat zaam vat. Zoo was dit toen maar zwaar.

De 15 Julie kryg ons toen weder een treurige bereg. Dat weder een zeer bekende Broeder Petrus Kruger zwaar gewont was, en toen ook overleeden en ook nog een Dappere Broeder Jan Coetzee ook op het slachveld plothling dood [35] geschiet was omtrent een maand voor Kruger. Dit was voor ons zwaar om zoo van ons bekende te hoor, Maar toch moet ons. Ons troos want als het niet de wil van de Lieve Heere gewees heef dan zal dit anders gekomen heef.

Maar dit heef God behaag en daarom moes de koegels hun tref.

De 18 July is hier weder een zoonge overleeden van myn neggie.

Zoo gaan dit aan in de Camp. De avont wort dit gezing tot om negen uir. Om drie uir begunt de kinderen alweder huil en tyn dagbreek dreem dit al, zoo als hele schreeuw en dan gaan dit zoo als wasgoet wat geklop word zoo slaat de moeders de kinders en zonop dan is dit net een gedreen. Dit lach in huil en praat en kap en slaan en ry en Op ver vleis, elken morgen. Zoo dreem dit die dag deer tot die avond en de dag als men uit de Camp gaan dan kan men net vroumenschen zien aankom wat gaan hoit haal en niet ander dan krie dorings. [36] Elken morgen wort voor elken tent hout neergezit zoodat hy dien dag kan daarmee kos kook, maar ons bakhout moet ons zelf aandra. Zoo gaat dit met ons in de Camp.

O maar waver blyde dag was de 17 July weder voor my. Op een Zaterdag avont zien ons weder gevangene vroumens aan bring met wagen. Ik loop toen ook nader naar de pat om te zien of daar niet bekende by is om van ons achter blyvende te hoor. Ik staan daar maar ik zien niet een bekende tot de

derde wagen stilhouw. Zoo zien ik nieeten bekende. De poliets raak toen zoo in de noot om daar zoo veel menschen komen van de Camp die hy moet keer dat hele niet moet by de menschen kom van de wagen, dat hy al een voor van een voet diep voor een spryt aanzien. Zoo keer ik toen weder naar de tent want ik zien toen niet een bekende by die wagen. Ik was omtrent 5 menieten by ons tent toen hoor ik de blijde bereg dat my teeder geliefde boezem vrienden van Wepner allen hier zyn, maar toe loop ik zoo gaauw dat ik zelf niet kan naar my kyk. Daar was veel menschen maar ik ken dit al van ver af. Toen was allen nog niet daar de ontmoeten was toen al zoo aangenaam in dit was toen nog een huisgezen die ik de avont ontmoet, maar dit was my aangenaamste dag wat ik in de Camp gehat heef.

De 18 July moet ons toen nog al die andere ontmoet. Die nag was baja lang om om te kryg. De anderdag was Zondag van negen uir de morgen begent ik weder bekenden ontmoet tot de avont. Dit was toen niet alleen de blydschap dat ik myn bekenden zoo ontmoet maar ook nog zulke dierbaare berechten van ons achter blyvende. De achte dag ontmoet ons nog menschen die ons nog Dierbare berechten bring van my bemende Broeders en ook Brieven [38] zien ik die zy met hun eigen handen beschryf heef.

Dit was voor ons zeer aangenaam dit te zien.

De 23 July was dit weder voor ons een zwaar dag, toen is hier weder een zeer bekende vrouw van Davud Coetzee overleeden. Daar hy reets maar een paar dagen van te vooren van Aliwal af gekoomen heef. Dit was voor hem zwaar maar hy heef nog de voor rech boven zoo veelandere, die niet eens daar van hoor als het meschien al een maant begraven is kan hy nog aan de graf ze kan staan en de trooslyke woorden ontvang die daar gesprooken wort Door de D. S. Becker van Bethulie. De 27 July was dit ook een onvergeetlyke dag was de sterf dag van ons Commedant Hertzog zyn vrouw. Maar Dit alles berust in dus Heeren wel behaagen.

28 July wort ons toen een stikkie uit de Bruths ze koerant gelees terwyl ons naar post gaan om ons Brieven te ontvang, word Dit Mouwlyk stik ons [39] voorgelees. Dit was zoo een gelach dat ons van tien woorden meschien een hoor. Dit was een stik van ons hoofden. Ik maak dit niet anderste uit is net dat hele ons wil laar hoor heef dat dit nog wel met ons Pressident Steyn en generaal Botha en generaal De Wed en Commedant Haszebroek.

Bly was ik om zoo een goede berech te hoor. Dat dit nog wel met hun allen was. De volgen de dag ver wach ons toen weder een stikkie uit de kerant te hoor maar tot hier toe heef ons nog niets gehoor. Maar de 2 Agistus was weder een treeriggedag voor ons daar een teer bemende vrouw van Gaverjal Coetzee overleeden. Dit was voor ons zwaar wat ons toen nog zoo zwaar op het hart drik reeds dien dag toen zy een lyk was kwaam hier petreten daar haar man zoo wezenlyk op zit van Ceylon. Daar zy toch ook zoo verlang heef om hem te zien. Maar toch heef het de lieve Heere behaag haar niet langer in [40] deze droewigge Camp langer te laat ly.

En de 9 Agistus is hier ook een wel bekende man overleeden. Stevans v.d. Walt. De 10 Agistus is hier weder veel overleeden en ook een Smith -die ook voor my zoo treerig is dat zyn ouders ook niet eers hier zyn. Hoe zyn het toch

nie hier by ons plaasten zie ons meschien en maand een of twee lyken begraven. Hier zien ons elken dach vyf of vier drie de minste begraven. Zoo kan ons duidelyk bemerk der de Heere dagelyk in ons midden, zyn ons te beproeven want ons lees toch in gods woort waar God een ziel zcheiden van de lichhaam de engel sent om de ziel op te neem. Hoe menig maal kwaam de engel in ons midden. Dit zyn voor ons zwaar om ons bekende zoo te zien weg draag naar het graf. Elkendag vier of vyf. Maar ons beris dit want dit zyn des Heeren wel behaagen.

Dagelyk moet ons gaan pos ontvang daar zyn het ook zoo treerig want [41] menig man die nog aan zyn vrouw schryf dan is die al meschien voor 15 of zestien dagen begraven.

Zoo zyn ons beste dagen in die Camp net moeite en verdriet.

De 12 Augustes zyn ook een dag van tranen daar weder een zeer bekende vrouw van Florus Coetzee overleeden is. Reets toen wy hier in de Camp gekomen heef Dat zy spoedig een brief ontvang uit Simonstat daar haar man daar over leedes is. Hoe treereg sy nog dien dag was.

En weder kort daarop hier en de Camp weder een zoon van jaar overleeden. Dit lyk ondraaglyk daar hy en zyn vader beiden een scheirlyk doods gehat heef. Maar de lieve Heere heef haar krach gegee om het te draag tot haar tyd ook was gekomen.

Op deze dag de 12 Augustes en ook een wel bekende man Gierjon Joeber die de dood ook hier zoo zach uit ons medden ook op die 12de Augusten zeer vroeg in die morgen de rus zoo ingegaan heef.

[42] En ook zyn hier zoo veel ziekken dat wy niet en staat was allen te bezoekt Hier en daar hoor wy ook nog van sterwende. Weet zoo te zeg of daar nie. een dag of nach zyn dat daar niet een uit de Camp geneem is door de dood. de dood wink nu eider uir.

En de meeste zy nu aan de maaszels en koors. Zoo zyn ons treerig in de Camp alde dagen ons leeven. En nu is het nu alleen det zwaar Maar ook ons onuitsprekelyk verlangen naar ons achter blyvende die wy nie weeten hoe dit met hun gestelt is. Maar de Lieve Heere geef ons krag dit te draag. Daar alreest de 13 Augustes ook een harde dag voor ons gewees. Hoe hart het ook voor ons was maar ook een Tanta van ons Durk Venter zyn vrouw moes ons afgee. Hoe zwaar het ook voor hem en zyn kinderen was moes hele te vrede wees laat zy haar heerlyke rus ingaan die zy nu genoeg kan uitgespreek heef. Haar laaste woorden was nog hoe heerlyk is het en zie het menig engelen en [43] daar op twee maal het is voldaan. Niets bekommert over haar anderen kinderen die allen nog om haar staan en lans haar ziek leg. Als wy in de teng kwaam dan weeten wy niet wie moet jy help want acht zy daar in die hulp noodig heef die ziek leg aan mazels en drie zy daar die moet altoos by zyn. Ook veel anderen die by staan.

17 Augustis heef ik weder de avond daar gaan waak by de jongste zoonje die ook deedlyk ziek was. Ik kom slaap toen half een de nach. Ik was net omtrent een haf uir in de tend toen ik op eens een geweldigge gedreen hoor ik dach de eerste dat dit een wagen is die zoo gewildig de Camp in gejaagen kom maar toen hoor ik dit kan niet een waagen is. Ik spring toen op en by de

tend deer uit om te zien wat er gebeer is waar op ik spoedig bemerkte dat daar een tend aan brand was net voor de tend van myn oom waar de ziekte is. Dit [44] was een benoude geschreeuw toen de menschen wakker wort en de gebrand zien. Spoedig was daar weel om te help want ons was bang dat daar zal meer tenten aan brand raak. Maar gelukkig was daar niet een van de menschen verbrand en ook niet meet tenten. De 20 Augustis is de jongste zoonje van Dirk Venter ook overleeden.

23 Augustis was dit voor my aardig om te aanschouw is hier zestien lyken begraven.

24 Augustis is hier weder een welbeken zoon overleeden van Piet Hiegoo en nog een treurig lot tref ons ook de 24 Augustis hoe zwaar het ook voor ons was om af te geef de vrouw van Cias Reneke daar hy ook niet hier zyn waar zy drie kinderjes achter laat waarvan Vaan de oudste zes jaar is. En 25 Augustis was dit ook weder een dag van scheiden is daar weder een dochter van 14 jaar over leeden van myn oom Dirk Venter. Hoe zwaar de verlies ook voor hem was toch hoor jy hem niet klaagen.

[45] Doch de 25 Augustis zyn hier ook weder veel overleden. Dit is een stille warme Zondag de lich is betrokken met dikke wolken. Dit zyn ook de verjaarsdag van myn Dierbare Broeder. Dit zyn voor my een dag om nimmer te vergeeten. Hoe ver ons ook van elkander gescheiden is dat de een niets weet van de ander. Maar toch verlangen ik niet hem hier by zich te hebben want dit zyn nu al een maant lang dat ons net Blouw vrek schaaap vlys moet ontvang. Elken morgen zien wy maar net vrouwen vlys terig bring de een zeg: Jele het my niet gevang om ver my een hond te maak, en die ander: Jele het genog honderdden vet hamels van my gevat om ver my beter te geef.

